

Oorspronklike teks: Engels

**RIGLYNE VIR TERMINOLOGIEBELEIDE**

*Die formulering en implementering van 'n terminologiebeleid  
in taalgemeenskappe*

Riglyne vir terminologiebeleide

*Die formulering en implementering van 'n terminologiebeleid  
in taalgemeenskappe*

Vorberei deur Infoterm

2005

Die benamings wat gebruik word en die aanbieding van materiaal deur dié publikasie as geheel dui nie op die weergawe van hoegenaamd enige mening deur UNESCO aangaande die regstatus van enige land, grondgebied, stad of streek of van die owerhede daarvan, of aangaande die afbakening van die grense of grenslyne daarvan nie.

Aanbevole katalogusinskrywing:

Riglyne vir Terminologiebeleid. Die formulering en implementering van 'n terminologiebeleid in taalgemeenskappe / voorberei deur Infoterm. – Parys: UNESCO, 2005. – ix, 39 p.; 30 cm. (CI-2005/WS/4)

I Titel

II UNESCO

## **Uitvoerende opsomming**

Hierdie Riglyne is gerig op besluitnemers in verskillende posisies op verskeie vlakke, wat – vir ’n verskeidenheid voornemens – ’n terminologiebeleid, wat toegespits is op ’n bewuste, stelselmatige en gekontroleerde benadering tot die skep, instandhouding en gebruik van terminologie in/vir bepaalde gebruikersgemeenskappe, wil ontwerp, beplan en uitvoer.

Terminologiebeplanning het in verskeie lande in die wêreld op verskillende vlakke na vore gekom: op nasionale vlak, streeksvlak, taalgemeenskapsvlak, plaaslike gemeenskapsvlak, institusionele vlak of organisatoriese vlak. Daar is ook baie terminologiebeplanningsaktiwiteite in verskeie professionele velde soos chemie, biologie, fisika, geneeskunde, en so meer. Verder is daar ’n terminologiekomponent by feitlik alle standaardiserings- en harmoniseringsaktiwiteite, hetsy in die nywerheid of elders. Buitendien is wetgewing altyd goed voorsien van terminologiese definisies. Dit sluit aan by die welbekende spreekwoord wat lui “jy kan nie beheer wat dalk nie verstaan word nie”. Laasgenoemde beteken “wat nie gedefinieer is nie”.

’n Terminologiebeleid of –strategie, veral as dit op nasionale vlak opgestel en toegepas word, moet die volgende hoogs komplekse faktore in ag neem:

- demografiese faktore;
- kulturele, etnolinguistiese en geo-linguistiese faktore; sowel as
- neuropsigologiese faktore.

Hierdie faktore kan ’n impak hê op die sukses van die maatreëls wat getref word. Hierdie faktore kan mettertyd verander. Dit is ’n punt wat ook in ag geneem moet word in elke etniese en taalgemeenskap wat terminologiebeplanning vir watter doel ook al wil toepas.

Terminologiebeplanningsaktiwiteite het in die laaste dekades na vore gekom:

- op nasionale, streeks- en plaaslike vlakke;
- by tussenregeringsorganisasies (TRO’s);
- by internasionale nieregeringsorganisasies (NRO’s); en
- by groot instellings en organisasies (insluitende multinasionale ondernemings).

Hierdie aktiwiteite blyk in:

- taalgemeenskappe, bv. ter wille van die ontwikkeling van tegniese tale (TT’s);
- individuele domeine, (d.w.s. vakgebiede of ander soorte kundigheid), bv. om navorsing en ontwikkeling te bevorder; en onlangs in

- nuwe toepassings in e-sake, selfoongebruik, e-opvoeding, e-gesondheid, e-wetenskap, e-regering en die meeste van die ander sogenaamde “e”-aktiwiteite.

Op 'n strategiese vlak is die positiewe potensiaal van stelselmatige terminologiebeplanning – en veral van terminologiebeleide – ter ondersteuning van inligtings-, kennis- of innoveringsbeleide, sowel as van opvoedkundige strategieë, ens. reeds raakgesien. Met hierdie groter bewussyn het lande en taalgemeenskappe toenemend 'n behoefte om stelselmatige terminologiebeleide (wat ook terminologiebeplanningstrategieë insluit) te formuleer ten einde hulle mededingendheid te verbeter. Hierdie neiging val saam met die vereiste dat vandag se versnelde globalisering aangevul moet word met versnelde lokalisering, d.w.s. vertaling en aanpassing om aan plaaslike kulturele en linguistiese norme te voldoen.

### **Afkortings**

AT	– algemene taal
IKT	– inligtings- en kommunikasietegnologie
MRK	– mobiele rekenaarwese en kommunikasie
MTT	– mensliketaaltegnologie
NRO	– nieregeringsorganisasie
NTP	– natuurlike taalprosessering
OSW	– organisasie sonder winsoogmerk
RGKW	– (internetgebaseerde) rekenaargesteuende koöperatiewe werk
TBS	– terminologiebestuurstelsel
TDB	– terminologiedatabasis
TRO	– tussenregeringsorganisasie
TT	– tegniese tale
VN	– Verenigde Nasies
WTI	– wetenskaplik-tegniese inligting

## Voorwoord

Daar is reeds verskeie inisiatiewe gemik daarop om aandag te vestig op die belangrikheid van terminologie in ontwikkeling. Op die streeksvlak is die *Europese Handves vir Streeks- of Minderheidstale* (1992)'n uitstekende voorbeeld. Dit bevat terminologie-aspekte wat die waarde van multikulturalisme en veeltaligheid beklemtoon. Die handves erken dat die beskerming en bevordering van minderheidstale heel versoenbaar is met die handhawing van die status van amptelike tale.

Om en by die jaar 2000 het UNESCO sy aktiwiteite om groter bewussyn van die belangrikheid van taal in die oorbrugging van die digitale gaping en die bou van kennisgemeenskappe versterk. Die digitale gaping gaan byna sonder uitsondering hand aan hand met ongelykheid van toegang tot inligting en kennis, wat op sy beurt gepaardgaan met ongelykheid van linguistiese toegang. Onvoldoende terminologie is een sleutelfaktor in die ongelykheid van linguistiese toegang, en dit het “funksionele ongeletterdheid” in die kontekste van toegang tot inligting en die gebruik van rekenaars tot gevolg. UNESCO se interdepartementele en multidissiplinêre program **Initiative B@bel** het die belangrikheid van veeltaligheid en multikulturalisme in die era van die Internet erken. Hierdie onderwerp is ook beklemtoon in die *Universele Verklaring van Kulturele Diversiteit* (2001).

UNESCO het ook optrede bevorder om wêreldwye toegang tot elektroniese inhoud (e-inhoud) in alle tale te bereik, taalvermoëns van gebruikers te verbeter, en gereedskap vir veeltalige toegang tot die Internet te skep en ontwikkel. Hierdie oogmerk is versterk deur die **Aanbeveling oor die bevordering en gebruik van veeltaligheid en universele toegang tot die Kuberruim** (aanvaar by UNESCO se Algemene Konferensie in Parys, Oktober 2003). In die bespreking wat hierdie standaardstellende Aanbeveling voorafgegaan het, is benadruk dat taal die hoofmiddel van intermenslike kommunikasie is en bly. Die Aanbeveling dek ook terminologie-aspekte tesame met die ontwikkeling en bevordering van veeltalige inhoud, domeinspesifieke kommunikasie, inligting en kennis.

In die proses ingelei deur die “Wêreldberaad oor die Inligtingsgemeenskap” het UNESCO taal, veral veeltalige aspekte, deurgaans beklemtoon as sleutelemente van kulturele diversiteit en universele toegang tot inligting en kennis. In hierdie verband is terminologie-ontwikkeling in opvoeding, die wetenskappe en kultuur onontbeerlik vir die ontwikkeling van kennisgemeenskappe.

Skattings van die hoeveelheid tale wat vandag bestaan, verskil, maar die gemiddelde syfer lê gewoonlik êrens tussen 6,000 en 7,000 (’n veel groter hoeveelheid dialekte en plaaslike wisselvorme uitgesluit). ’n Steeds groeiende korpus empiriese bewyse dui aan dat daar ’n uiters belangrike verhouding is tussen individue se geleentheid om hulle moedertaal te gebruik oor die hele spektrum van kulturele, wetenskaplike en kommersiële areas, en die sosio-ekonomiese welstand van hulle onderskeie taalgemeenskappe.

**Mense wie se moedertaal nie (of nie voldoende) ontwikkel is uit die oogpunt van terminologie en TT's (tegniese tale) nie, of wat die gebruik van hulle moedertaal geweier word in opvoeding en opleiding, in toegang tot inligting, of in wisselwerking in die werkomgewing, neig om benadeel te word.**

Veral kleiner taalgemeenskappe (insluitend allerlei taalminderhede) moet 'n groter poging aanwend as die omringende groter taalgemeenskappe om marginalisering wat wetenskaplik-tegniese en ekonomies-industriële ontwikkeling betref – 'n faktor wat uiteindelik tot sosio-ekonomiese agteruitgang kan lei – te vermy. **In die meeste gevalle beteken die beperking van die gebruik van 'n taal tot volksoorlewering en die familiekring dat hierdie taal onvoldoende sal wees om professionele kommunikasie te steun. Net so loop 'n taal wat sloer met sy terminologie vir 'n spesifieke gebied, die risiko om mettertyd sy vermoë om in daardie veld te kommunikeer, te verloor.** Daar is dus 'n behoefte aan (deurlopende) terminologiebeplanning in baie – of selfs alle – taalgemeenskappe en aan konkrete wetlike, finansiële en administratiewe optrede om hierdie pogings te ondersteun. Die implementering van 'n terminologiebeleid vir die taalgemeenskappe wat geraak word, is 'n voorbeeld van sodanige optredes.

**Die doelwit van hierdie riglyne is om metodologiese hulp te verskaf vir die formulering en implementering van 'n terminologiebeleid gebaseer op gekonsolideerde taalbeplanningspogings. Hierdie riglyne is ontwerp met die doel om van nut te wees vir alle lande en taalgemeenskappe wat wissel van ontwikkelende lande en taalgemeenskappe met minder ontwikkelde terminologieë tot ontwikkelde lande wat oor hoogs ontwikkelde terminologieë, uitgebreide terminologie-aktiwiteite en bestaande markte vir terminologieprodukte en –dienste beskik.**

In lande of streke waar twee of meer taalgemeenskappe naas mekaar leef en in wisselwerking met mekaar is, behoort die terminologiebeleid hierdie situasie te weerspieël. Ook terminologie, soos taal oor die algemeen, kan omstrede kwessies omvat, veral as verskeie taalgemeenskappe geraak word. In hierdie verband kan die Universele Verklaring van Menseregte (1948), die Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte (1966), die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (1966) en die Verklaring oor die Regte van Mense wat behoort aan Nasionale, Etniese, Godsdienstige en Linguistiese Minderhede (resolusie 47/135 van 18 Desember 1992) van die Verenigde Nasies (VN) betekenisvolle leiding verskaf.

In die lig van bogenoemde en gegewe die feit dat terminologie onmisbaar is in die konteks van inligtingsgeletterdheid – wat ook funksionele geletterdheid, mediageletterdheid, tegnologiese geletterdheid, ens. insluit – het UNESCO Infoterm gekontrakteer om 'n groep deskundiges te organiseer met die doel om hierdie **Riglyne vir Terminologiebeleid** voor te berei. Die Riglyne bied 'n stelselmatige raamwerk aan besluitnemers en beleidmakers om só 'n terminologiebeleid in werking te stel ter



ondersteuning van die langtermyn- en volhoubare ontwikkeling van hulle land of taalgemeenskap. Die medewerkers aan hierdie publikasie het verskillende kulturele en sosiale agtergronde en het almal verskillende ervarings versamel wat betref die ontwerp, beplanning en implementering van 'n terminologiebeleid. Die kern van hierdie ervarings word in hierdie Riglyne saamgevat.

**Medewerkers**

Alberts, Mariëtta (PanSAT/ Suid-Afrika)

Antia, Bassey (Universiteit van Maiduguri/ Nigerië)

Auksoriute, Albina (Litaue)

Budin, Gerhard (Universiteit van Wene/ Oostenryk)

Chan, Nelida (Kanada)

Drame, Anja (Infoterm/ Duitsland)

Galinski, Christian (Infoterm, Oostenryk)

Guo, Chuanjie (China)

Hector, Paul (UNESCO)

Hong, Gwi-Hyeon (Korea)

Papaev, Sergey (VNIKI/ Rusland)

Plested Alvarez, Maria Cecilia (ICONTEC & Universiteit van Antioquia/ Kolombië)

Pusztay, Janos (Hongarye)

Rytsar, Bohdan (Oekraïne)

Wright, Sue Ellen (Staatsuniversiteit Kent, Instituut vir Toegepaste Linguistiek/ VSA)



## 0 Taal onder die impak van globalisering

Taal is die belangrikste middel van menslike kommunikasie. Menslike taal speel ook toenemend 'n belangrike rol in mens-masjienkommunikasie en word al hoe meer betrokke by masjien-masjienkommunikasie. Taal, soos dit oor die afgelope millennia van menslike ontwikkeling na vore gekom het, is 'n hoogs komplekse verskynsel. Dit is, in teenstelling met die algemene opvatting, meer as net 'n instrument vir die oordrag van inligting. In die kulturele dimensies van taal hou dit ten nouste verband met die identiteit van gemeenskappe sowel as van individue. Dit is dus geen wonder dat mense soms emosioneel raak oor taalkwessies nie.

Die linguistiek onderskei tussen algemene taal (AT, oftewel alledaagse taal) en tegniese taal (TT, oftewel gespesialiseerde taal). Sonder om kulturele en emosionele dimensies te ignoreer, fokus hierdie dokument op TT as hoofmiddel van:

- invloedsfeerkommunikasie (d.i. domein- of professionele kommunikasie)
- die weergee van gespesialiseerde kennis (vakgebied- of domeinkennis); en
- toegang tot gespesialiseerde inligting (d.i. vakgebiedverwante of domeininligting).

In hierdie verband praat ons van “gespesialiseerde tale” (TT's) van die onderskeie domeingemeenskappe, wat betrokke is by 'n vakgebied of ander soort kundigheid. Lede van hierdie gemeenskappe kom gewoonlik ooreen op grond van hulle eie linguistiese konvensies, wat nie noodwendig volkome ooreenstem met AT-konvensies nie. Aangesien die moderne samelewing sterk deur wetenskaplik-tegniese ontwikkeling beïnvloed word, het TT's toenemend 'n groter impak op die ontwikkeling van die onderskeie AT's.

Aangesien wetenskap en tegnologie die hoekstene van ekonomiese en sosiale ontwikkeling is, is die wisselwerking tussen taal en ekonomiese aktiwiteite in algemene terme voor die hand liggend. Dit word toenemend erken dat die “relatiewe krag” van die taal van 'n gegewe taalgemeenskap geneig is om ná 'n sekere tydperk te weerspieël hoe die ekonomie van hierdie taalgemeenskap vaar. Daarom speel TT vandag 'n belangriker rol in taalbeplanningsdebatte en in die implementering van taalbeplanningsprogramme en -beleide. In die lig van die oorweldigende kompleksiteit van taalbeplanning wat sowel AT as TT in ag neem, is dit egter moontlik en raadsaam om hierdie twee aspekte te skei. Hierdie benadering maak dit moontlik om die implementering van programme beter te organiseer en om op hoogte te bly van hoe programme vaar. Nasionale taalontwikkelingsprogramme sou dan op AT-ontwikkeling konsentreer, en sou met die nasionale terminologieontwikkelingsprogramme saamwerk wat betref die sistematiese ontwikkeling van TT (hoofsaaklik deur terminologiebeplanning).

Op hierdie stadium moet erken word dat terminologie onteenseglik die belangrikste bepalende element van TT is. Terminologie speel 'n beslissende rol waar en wanneer ook al domeinspesifieke inligting en kennis:

- voortgebring word (bv. in navorsing en ontwikkeling);
- gebruik word (bv. in gespesialiseerde tekste);
- aangeteken en verwerk word (bv. databasisse);
- deurgegee word (deur opleiding en onderwys);
- geïmplementeer word (bv. tegnologie en kennisoordrag); of
- vertaal en getolk word

Gevolgtlik moet terminologiebeplanning vandag beskou word vanuit die veel breër perspektief van innovering en van inligting-, kennis-, en selfs e-inhoudstrategieë. As die taal van 'n sekere taalgemeenskap nie wetenskaplike en tegniese terminologieë ontwikkel het nie, word daardie taalgemeenskap onvermydelik gedwing om 'n ander, meer ontwikkelde vreemde taal te gebruik vir domeinkommunikasie. Aangesien kommunikasie vandag geweldig deur inligtings- en kommunikasietegnologieë (IKT's) ondersteun word, skep die gebrek aan terminologie indirek, maar onvermydelik, digitale gapings, wat op verskeie maniere na vore kom.

Die ontwikkeling van kennisgemeenskappe word versnel deur die ontwikkeling van IKT's, veral met die sameloop van telekommunikasie en rekenaartegnologie, met die neiging om die mobiele rekenaarwese en kommunikasie (MRK) saam te smelt. Met IKT's wat omvattender word, is daar 'n verskerpte behoefte aan effektiewe en doeltreffende metodes om dit te gebruik. Die koste van IKT-apparatuur en -programmatuur is besig om geleidelik af te neem, terwyl die koste van "inhoud"-skep en -gebruik geleidelik toeneem. Laasgenoemde is dikwels "versteekte kostes" wat nie net op individuele instellings en organisasies van toepassing is nie, maar ook op taalgemeenskappe. Hier speel terminologieë 'n beslissende rol: terminologiese data is onontbeerlike elemente van domeinspesifieke inligting en kennis (wat oor die algemeen 'n groot deel van inhoud uitmaak). Gevolgtlik kan terminologiebeplanning, tesame met die stelselmatige ontwikkeling van die mensliketaal tegnologieë (MTT's) wat daarmee verband hou, strategiese vermoëns eksponensieel meer effektief maak.

'n Land se relatiewe vlak van ontwikkeling kan gemeet word aan die gemiddelde vermoë van sy burgers om inligting te benut ter wille van die oordrag van kennis en kapasiteitsbou. Aangesien terminologiese data grondliggend is aan die weergee van enige domeinspesifieke inligting en kennis, is die beskikbaarheid van en die toegang tot hierdie data deurslaggewende sosio-ekonomiese faktore. Hierdie riglyne neem kennis van die ervaring wat in baie taalgemeenskappe en in lande met taal- en terminologiebeplanningsaktiwiteite opgedoen is. Die riglyne beveel aan dat 'n verskuiwing na 'n stelselmatig beplante en geïmplementeerde terminologiebeleid, wat met domeinkommunikasie geassosieer word, op 'n spesifieke stadium van taalbeplanning gemaak word.

## 1 Basiese konsepte

In hierdie dokument word **kommunikasie** beperk tot die betekenis van intermenslike kommunikasie, bestaande uit (verbale) kommunikasie in gesproke of geskrewe vorm, sowel as nie-verbale kommunikasie. **Domeinkommunikasie** word gebruik vir gespesialiseerde kommunikasie – d.i. wetenskaplik-tegniese of professionele kommunikasie – binne 'n **domein** wat in die pragmatiese sin wetenskaplik-tegniese vakgebiede sowel as ander kundighedsgebiede insluit. **Tegniese kommunikasie** word hier nie gebruik in die sin van kommunikasietegnologie nie, maar van tegniese skryf of tegniese dokumentasie, d.i. die voorbereiding van dokumente wat geskryf is in, of wat grootliks bestaan uit, teks in 'n tegniese taal. **Terminologiebeplanning** ontwikkel taal grootliks na gelang van die behoeftes en vereistes van domeinkommunikasie.

**Tegniese taal** (TT of gespesialiseerde taal) beteken taal wat in gemeenskappe van deskundiges gebruik word en wat 'n groot of klein hoeveelheid terminologie en domeinspesifieke linguistiese konvensies bevat. TT's wyk in 'n meerdere of mindere mate af van **algemene tale** (AT's of alledaagse taal), wat beteken taal wat grotendeels vir alledaagse doeleindes deur enige taalgemeenskap gebruik word. Daar kan allerlei variasies (soos dialekte) bestaan, waarvan die konvensies afwyk van die sogenaamde **linguistiese norme**. Laasgenoemde bestaan uit 'n stel taalkonvensies wat beskou word as die gedeelde linguistiese standaard van 'n taalgemeenskap. AT's is die tale van individuele taalgemeenskappe, terwyl TT's gespesialiseerde tale is wat deur gemeenskappe van kundiges binne 'n domein in 'n sekere taalgemeenskap gebruik word.

Tegnologie word ook toenemend op taal toegepas: **taalontwerp** het na vore gekom as 'n vakgebied wat op **natuurlike taalprosessering** (NTP) gerig is. Die tegnologieë afgelei van taalontwerp word **mensliketaal tegnologieë** (MTT's) genoem. Laasgenoemde pas taalkennis toe op die ontwikkeling van rekenaarstelsels wat menslike taal in alle vorme kan herken, verstaan, interpreteer en genereer; met ander woorde die ontwikkeling van toepassingsprogrammatuur wat direkte wisselwerking tussen mense en rekenaars moontlik maak.

**Terminologiewetenskap** is die vakgebied wat die struktuur, vorming, ontwikkeling, gebruik en bestuur van **terminologieë** in verskeie vakgebiede ondersoek, en wat die metodologiese grondslag lê vir verskeie toepassings. **Terminologiese instrumente** – hoofsaaklik programmatuur vir terminologietoepassing – word gebruik vir die hantering van terminologiese data op een of ander manier vir verskillende doeleindes. **Terminologiebestuurstelsels** (TBS'e) word byvoorbeeld ontwerp as instrumente vir die opname, stoor, prosessering en lewering van terminologiese data, volgens erkende professionele beginsels. 'n Nasionale **terminologiedatabasis (TDB)** kan een- of veeltalige terminologiese data bevat en kan gevestig word op lands-, taalgemeenskap- of plaaslike vlakke, afhangende van die behoeftes van die onderskeie gemeenskappe. In terminologiebeplanning, en in die besonder binne die raamwerk van 'n nasionale terminologiebeleid, word 'n nasionale terminologiedatabasis dikwels gebruik as een van die hoofinstrumente vir die implementering van die betrokke beleid. Die skep van gesentraliseerde TDB's is

ook 'n doeltreffende strategie vir maatskappye en ander organisasies of instellings, alhoewel die instandhouding van groot TDB's toenemend vervang word deur netwerke van verspreide en saamgevoegde terminologiedatabasisse.

'n Verskeidenheid **terminologiese produkte** soos terminologiestandaarde, TT-woordeboeke, glossariums, terminologiedatabasisse, ens. kan uit **terminologiese aktiwiteite** voortspruit. Terminologieprodukte en **terminologiese dienste** soos raadgewings- en opleidingsdienste met betrekking tot terminologie, terminologie-inligting en –dokumentasie, uitkontraktering van terminologiese take, inligtingsdienste, ens. word gewoonlik as instrumente gebruik vir die implementering van 'n nasionale terminologiebeleid. In taalgemeenskappe met hoogs ontwikkelde terminologiese aktiwiteite, bedien terminologieprodukte en –dienste die **terminologiemark**, wat uit gebruikers en voorsieners van terminologiese produkte en dienste bestaan.

'n **Nasionale terminologiebeleid** is 'n openbare strategie wat geformuleer word op die vlak van politieke besluitneming in 'n land of 'n min of meer outonome taalgemeenskap (binne 'n land of streek wat oor die grense van twee of meer lande strek), met die doel om opkomende en bestaande terminologieë met 'n verskeidenheid doeleindes te ontwikkel of te reguleer. Dat verskillende gebruikersgroepe terminologiese data met verskillende mates van kompleksiteit en detail vir verskillende doeleindes benodig, word deur ervaring bewys. Dit is dus uiters ekonomies om uit die staanspoor veeldoelige terminologiese data vir verskillende gebruikers en toepassings voor te berei. Dit is eweneens raadsaam om die nasionale terminologiebeleid van die begin af as veeltalig en nie-eksklusief op te stel. Bogenoemde is ook van toepassing op terminologiebeleide of -strategieë in die privaat sektor, soos in ondernemings, NRO's (nieregeringsorganisasies), professionele verenigings, ens.

## **2 Taalbeplanning en terminologiebeplanning**

In hierdie hoofstuk word taal- en terminologiebeplanning, wat vandag eintlik komplementêre aktiwiteite geword het, teenoor mekaar gestel. Albei aktiwiteite weerspieël verskeie kriteria, insluitend die politieke konteks en historiese ontstaan van taalgebruik, die sosio-ekonomiese situasie, geo-linguistiese aspekte asook demografiese, kulturele en psigologiese faktore. Hierdie faktore speel almal 'n rol wanneer sosiale deelhebbers (instellings ingesluit) en hulle onderlinge verband geanaliseer word.

### **2.1 Taalbeplanning**

Aangesien hierdie riglyne meer op terminologiebeplanning konsentreer, word slegs 'n kort inleiding tot die teorie van taalbeplanning hier ingesluit. Spesiale aandag word gegee aan die demonstrasie van die posisie van terminologie binne die raamwerk van taal en kommunikasie. Breër aspekte van taalbeplanning word in verskeie UNESCO-publikasies bespreek.

#### **2.1.1 'n Oorsig oor taalbeplanningsteorie**

Die behoefte aan taalbeplanning, en selfs die moontlikheid daarvan, kan bevraagteken word. Gadelii (1999) regverdig die behoefte aan taalbeplanning as volg:

Die samelewing ontwikkel en taal moet by die werklikheid aanpas. Politieke besluite word geneem en dit kan beteken dat nuwe gemeenskappe geskep word, wat nie oor 'n gemeenskaplike kommunikasiemiddel beskik nie. In gevalle soos dié is taalbeplanning wenslik en inderdaad noodsaaklik.

Die geskiedenis van die wetenskap verskaf bewyse van talle voorbeelde van waar daar min of meer suksesvol ingegryp is in natuurlike taalontwikkeling. Solank as wat hierdie ingrypingsproses betrekking het op bestaande, natuurlike taal, praat ons van "taalbeplanning". Wat ons vandag as taalbeplanning ken, is in die verlede na verwys as onderskeidelik stembandpolitiek, taalontwerp, taalregulering of taalontwikkeling. Nadat Cooper (1989) 12 verskillende definisies vergelyk het, het hy met sy eie vorendag gekom:

Taalbeplanning verwys na opsetlike pogings om die gedrag van ander te beïnvloed met betrekking tot die verwerwing, struktuur of funksionele toewysing van hulle taalkodes.


Cooper beweer self dat hy opsetlik 'n baie breë definisie gekies het om enige beperkinge wat betref staatsaktiwiteite, besondere teikengroepe of enige spesiale metodologie te vermy.

Vandag is taalbeplanning baie meer as net die skep van nuwe woorde en terme en die uitdink van nuwe spelvorme. Dit behels 'n ekologiese benadering tot taal as 'n beslissende element van menslike samelewings, en dit sluit veelvoudige sosiolingvistiese faktore in. Taalbeplanning omvat 'n mengsel van metodes en benaderings, wat insluit terminologie en leksikografie, terminologiebestuur, vertaling



en vertaalbestuur en toenemend ook korpusgebaseerde benaderings (soos termekstrahering, korpusanalise om neologies op te spoor wat in diskoersgemeenskappe geskep is, ens.). Ook hier is mensliketaal tegnologies (MTT) besig om toe te neem.

Daar is voorgestel dat die term **kommunikasiebeplanning** insluit taalbeplanning en enige ander beplanningsaktiwiteit wat betrokke is by intermenslike kommunikasie, ongeag of só 'n aktiwiteit op taal in die enger sin of in die breër organisatoriese, tegniese of infrastrukturele sin fokus. Figuur 1 hieronder illustreer kommunikasiebeplanning as die oorkoepelende term vir taalbeplanning en terminologiebeplanning.



Figuur 1: 'n Oorsig oor 'n paar kommunikasiebeplanningskonsepte

Figuur 1 gee ook 'n oorsig oor hierdie konsepte. Die lys onder “AT” dui elemente aan wat deel is van die klassieke definisie van korpusbeplanning. Korpusbeplanning sluit in aktiwiteite soos die ontwerp of hervorming van 'n ortografiesstelsel (met inbegrip van die standaardisering van spelling), die keuse van skryfwyse, die vasstelling van woordspraak, woordeskat- en terminologie-uitbreiding, veranderings in die grammatikale stelsel, die gelykmaking van dialekte, die produksie van gidse en handleidings ten einde geleterdheid te bevorder, die ontwikkeling van woordeboeke, grammatikagidse en vereenvoudigde woordelyste vir TT, die skep van voortreflike letterkunde en steun aan die skone kunste, asook die stigting van instellings wat taalkwessies kan hanteer. Taalbeplanning sluit egter ook aspekte van statusbeplanning in, d.i. die toewys van taal aan die verskillende domeine van 'n samelewing (sake, opvoeding, howe, administrasie, media, ens.)

### 2.1.2 Behoeftes aan taalbeplanning

Die behoefte aan taalbeplanning en 'n taalbeplanningsbeleid kan uit 'n verskeidenheid omstandighede ontwikkel:

- **Veeltaligheid:** Slegs 'n paar lande, soos Ysland, kan verklaar dat hulle wesenlik eentalig is, terwyl veeltaligheid die norm is vir die meeste lande wêreldwyd. Om menseregte doeltreffend te respekteer, moet selfs amptelik eentalige lande ander taalgroepe wat 'n minderheidstatus binne die nasionale grense beklee, akkommodeer en hanteer. Baie lande wat besluit om een of meer tale as amptelike kommunikasiemiddel aan te kondig, pas stelselmatige taalbeplanning toe. Grondwette laat egter dikwels na om uitdruklik te noem watter tale hulle erken. Buiten vir tale wat amptelik erken word, kan ander tale in onderwys of ander sektore gebruik word, afhangende van die plaaslike behoeftes.
- **Onderwys:** Die voordele van aanvanklike moedertaalonderwys is reeds so vroeg as die jare 1950 deur UNESCO erken. Talle kinders word wêreldwyd steeds van hierdie voordele ontnem deurdat vreemde tale in vroeë onderrigstadiums gebruik word. Versuim om kinders se moedertaal as hulle onderrigtaal te gebruik, het 'n hoë vlak van voortydige skoolverlating sowel as ongeletterheid tot gevolg.
- **Kommunikasietegnologie:** Soos reeds genoem is daar 'n toenemende behoefte daaraan om die digitale gaping tussen ontwikkelende en ontwikkelde lande te oorbrug. Taalbeplanning sluit in die besluit op en ontwikkeling van tale vir gebruik in die elektroniese media, bv. die gebruik van mensliketaaltechnologieë (MTT's).

Afgesien van hierdie faktore is taal (veral in 'n veeltalige gemeenskap) soos 'n natuurlike hulpbron, en dus van die uiterste belang vir 'n nasie se ekonomiese welstand en die rykdom van sy mense. Taal moet dus as 'n integrale element van die sosiale, ekonomiese en kulturele ontwikkelingsplan van 'n land hanteer word. Net soos ander hulpbronne is taal - as dit behoorlik hanteer word - 'n werkskeppende krag.

### 2.1.3 Doelwitte van taalbeplanning

Van die belangrikste doelwitte en oogmerke van taalbeplanning sluit in:

- die kontroliering van die groot aantal druipele en vroeë skoolverlaters in veeltalige omgewings, en die verbetering van toegang tot formele onderrig deur die implementering van moedertaalonderrig sowel as onderrig in die moedertaal, veral op voorskoolse en laerskoolvlak, te fasiliteer;
- die skep van 'n optimale leeromgewing deur te verseker dat wiskunde en die wetenskappe onderrig word in die taal wat die leerder verstaan;
- die verbetering van die kwalifikasies van amptenare, werknemers, wetenskaplikes, navorsers, onderwysers en selfs geskoolde werkers, wat neerkom op 'n belegging in die ekonomiese mag van 'n nasie;

- die verhoging van kulturele diversiteit en individualiteit in die land deur die bevordering van die kunste in verskillende tale;
- die voorkoming van etniese en politieke ontevredenheid onder die land se mense deur 'n omgewing te skep wat gebaseer is op taalgelykheid, d.i. die gelyke behandeling van alle tale in 'n land, veral in amptelike sektore van die samelewing soos wetgewing, die reg, openbare administrasie en onderwys, met inbegrip van die onderskeie ontwikkelingstadiums van tale wat naas mekaar leef;
- die versekering van demokrasie deur die mense te bemagtig om ingelig te wees en hulle eie politieke keuses te maak;
- die oorbrugging van die digitale gaping deur die ontwikkeling van tale vir gebruik in die elektroniese media en sodoende die bevordering van ontwikkeling op die gebied van MTT's, masjienvertaling, ens.;
- die voorsiening van leksikons, handleidings, kreatiewe kunswerke, skoolboeke, koerante, ens. aan lede van die taalgemeenskap in hulle eie taal.

## 2.2 Terminologiebeplanning

In teenstelling met taalbeplanning, wat kan begin op 'n vlak van taalontwikkeling waar daar nog geen geskrewe taal of werklike linguistiese norme bestaan nie, maak terminologiebeplanning staat op die bestaan van linguistiese norme en 'n bepaalde grammatikale en ortografiese stabiliteit in die geskrewe taal. Met hierdie grondbeginsel ontwikkel terminologiebeplanning bewus en stelselmatig spesiale tale afhangende van die behoeftes en vereistes van domeinkommunikasie, waar daar wêreldwyd 'n groot aantal nuwe tegniese terme daagliks geskep word. Hierdie terme vorm terminologieë, wat elk bestaan uit 'n groep terme met hulle eie gespesialiseerde betekenis (konsepte), wat in tegniese tale (TT's) of spesifieke domeine gebruik word. Aan die een kant is terminologie-ontwikkeling 'n natuurlike, onafwendbare verskynsel. Aan die ander kant kan dit egter 'n doelgerigte inisiatief wees wat deel van taalbeplanning vorm EN terselfdertyd 'n instrument wat sosio-ekonomiese transformasiebeleide verwesenlik.

Om te verstaan wat terminologie behels, kan daar na die volgende definisie van chloorfluorkoolstowwe (CFK's) gekyk word, soos dit bespreek is in 'n onlangse boek oor taalbeplanning (ANTIA 2000):

“CFK's is onontvlambare, niegiftige en niereagerende sintetiese verbindings, wat sedert 1930 as aktiewe vloeistowwe in yskaste en as dryfkrag vir aërosol-spuitkanne gebruik word. Hulle is nou as skadelik vir die aarde se osoonlaag bewys, en as een van die belangrikste faktore wat bydra tot die kweekhuiseffek [...]. CFK-molekules wat in die atmosfeer vrygelaat is, word afgebreek deur die son se ultraviolet-uitstraling in die boonste laag van die atmosfeer. Dit laat chloor vorm, wat op sy beurt met osoon reageer.”

Kom ons veronderstel dat bogenoemde aanhaling 'n mengsel van twee afgeleide teksvariante is: Die eerste bestaan slegs uit **ADL-tekselemente (woorde)** wat in **swart lettertipe** verskyn (soos gesien in bogenoemde voorbeeld) en die tweede bestaan slegs uit TT-tekselemente (terme) wat in grys lettertipe verskyn. Terwyl die

swart tekselemente, op hulle eie gesien, nie vir enigiemand sal sin maak nie, sal die grys tekselemente (op grond van semantiese verhoudings tesame met een of ander intuïtiewe gevoel vir die Engelse grammatika) wel sin maak vir meeste mense met 'n belangstelling in omgewingschemie. Die verklaring vir hierdie verskynsel lê in die funksie van die terme: hulle enkodeer die hoofinhoud van domeinkennis. Die AT-elemente in die aanhaling dien eenvoudig as die grammatikale en sintaktiese messelklei, wat hierdie deurslaggewende boustene vasmessel tot 'n samehangende, verstaanbare geheel.

Benewens die feit dat terme (en die konsepte waarna hulle verwys) sentraal staan tydens die verstaanproses, is hulle ook onmisbaar vir 'n verskeidenheid oogmerke (met bogenoemde aanhaling as voorbeeld), naamlik:

- Vertaling: Wat is chloorfluorkoolstof in u taal?
- Ontsluiting van inligting: Hoe kan ons sekere inligtingsitems opspoor, bv. vir soortgelyke tekste op die Internet soek met behulp van 'n soekenjin?
- Dokumentasie: Hoe kan dokumente op só 'n manier in 'n kantoorargief gerangskik word dat dit selfs ná jare weer gevind en hergebruik kan word?
- Kommunikasie: Hoe kan ek, in my hoedanigheid as student, onderwyser, omgewingsdeskundige, ens. aan 'n wetgewer of burger, die inligting en kennis in bogenoemde teks ontvang en oordra?
- Opvoeding: Hoe kan hoogs professionele vakke aan leerders, studente, vakleerlinge, deskundiges, ens. onderrig word?

Terminologiebeplanning kan dus ingespan word vir baie toepassings, en uitgevoer word in kontekste waar die meeste van die ander vertakkings van terminologie-aktiwiteite ook plaasvind of vereis word. Gevolglik kan die behoefte aan 'n stelselmatige benadering en koördinasie nie genoeg beklemtoon word nie.

### **2.2.1 Metodes vir die skep van terme tydens terminologiebeplanning**

Terme kan bestaan uit eenvoudige woorde of komplekse frases (bv. veelvuldigewoordterme) met spesifieke morfo-sintaktiese en morfo-semantiese kenmerke, wat soms onbekend kan wees in algemene taal, maar wat eie aan sekere domeine kan wees. Verder moet ons onderskei tussen verskillende tipes benamings, nie net terme (om nie te praat van termelemente) nie. Buitendien is dit altyd moeilik om woorde van terme, terme van nie-terme of name van terme te onderskei. Die skep van terme is afhanklik van die funksionele rol van benoemings in domeinkommunikasie. Termekstrahering en termidentifikasie is moeilike prosesse tydens korpusanalise. Ten spyte van intensiewe navorsing is daar tot dusver nog geen absoluut betroubare teoretiese modelle met ooreenstemmende algoritmes ontwikkel nie. Nietemin bestaan daar metodes en instrumente vir MTT wat bevredigende resultate lewer vir termidentifikasie en -ekstrahering vanuit korpora. Hierdie benaderings moet altyd gebruik word wanneer dit geskik is (met inbegrip van die inherente tekortkominge daarvan).

Die interaksie tussen domeintale en algemene taal is baie dinamies. Daar is 'n voortdurende vloeï van leksikale materiaal in albei rigtings:

- Determinologisering: gespesialiseerde terme word in algemene taal geïnkorporeer as algemeen bekende woorde;
- Terminologisering: algemene woorde word (deel van) terme;
- Huidige termskepbeginsels: Die volgende semiotiese beginsels word basies toepaslik vir 'alle' tale. Hierdie beginsels fokus op die stelselmatige aard van terminologieë, met hulle onderliggende konseptuele raamwerke (insluitend die kognitiewe dimensie, aspekte van kennisverteenvoording, ens.):
  - deursigtigheid (teenoor ondeursigtigheid);
  - konsekwentheid;
  - geskiktheid;
  - bondigheid (linguistiese ekonomie);
  - afleibaarheid;
  - linguistiese korrektheid;
  - moedertaal-voorkeur (behalwe in domeine of tale waar daar ander tradisies bestaan, bv. die gebruik van Latynse of Griekse vorme in party dissiplines).
- Metodes vir die skep van terme:
  - die skep van nuwe vorme deur:
    - afleiding;
    - samestelling;
    - afgekorte vorme;
  - die gebruik van bestaande vorme tydens:
    - omskakeling (verandering na ander woordsoorte, soms herkatégorisering genoem);
    - terminologisering (die toewys van nuwe, dikwels analogiese of metaforiese betekenis aan bestaande terme in min of meer verwante gebiede of algemene taalwoorde);
    - semantiese oordrag binne 'n spesiale taal;
    - transdissiplinêre ontlëning (metafore);
  - translinguale ontlëning:
    - direkte ontlëning
    - leenvertaling.

Bogenoemde metodes moet beoordeel word aan hulle toepaslikheid in elke taal. Semiotiese beginsels dien as riglyne oor hoe om termskepmetodes toe te pas. Van die beginsels weerspreek mekaar, wat in elke geval belangrike opofferings tot gevolg het (bv. deursigtigheid vs. bondigheid van terme). Details hieroor kan gevind word in ISO 704 en ander toepaslike Internasionale Standaard (sien Verwysings).

Probleme en uitdagings wat tans by die skep van terme ondervind word sluit ook in teenstrydighede ten opsigte van algemene linguistiese modelle in morfologie, diversiteit en inkonsekwentheid van reëls binne verskillende domeine (veral in die natuurwetenskappe met spesifieke nomenklature), 'n gebrek aan detail in die omskrywing van baie tale, en die behoefte aan 'n algehele kodifisering van hierdie tale (bv. deur taalbeplanning) om sodoende betroubare reëls te hê vir die ontwikkeling

van terminologie, veral met betrekking tot ortografie, spelling, uitspraak, en grammatika. By MTT-toepassings is daar 'n behoefte aan geoutomatiseerde modelle vir die skep van terme in die tale wat geprosesseer gaan word.

### **2.2.2 Beskrywende en voorskrywende terminologiese werk**

Nuwe terme word gereeld in 'n taal ingevoeg, hetsy om 'n leemte te vul wat geskep is deur die invoer van 'n nuwe begrip, of om 'n bestaande, minder effektiewe term te vervang. Daar is twee benaderings vir die hantering van hierdie evolusie van terminologie: beskrywende en voorskrywende terminologiese werk. Terwyl beskrywende terminologiese werk slegs waarneem en analiseer hoe terme ontstaan, stel voorskrywende terminologiese werk 'n ooreenkoms tussen gebruikers op om 'n term te aanvaar vir algemene en herhaalde gebruik in 'n gegewe situasie. Laasgenoemde bestaan uit terminologiese eenwording, standaardisering en harmonisering. Die motivering vir die standaardiseer van terminologie kan allerlei kommersiële redes hê, of dit kan die gevolg wees van sekuriteits- en veiligheidsoorwegings.

Terminologiese standaardisering behels byna altyd keuses tussen mededingende terme. Daar is verskeie faktore wat hierdie keuse kan beïnvloed, bv. ekonomiese redes (een term word dalk gekies omdat dit minder omslagtig is as ander), presisie (een term kan dalk meer duidelikheid of deursigtigheid hê as ander), geskiktheid ('n term kan dalk ontstellende of politiese konnotasies hê).

Terminologiese standaardisering omvat twee afsonderlike aspekte, wat twee verskillende infrastrukture weerspieël. Die standaardisering van terminologiese beginsels en metodes geskied binne die raamwerk van horisontale infrastrukture deurdat dit basies deur alle domeine sny. In teenstelling hiermee weerspieël die standaardisering van terminologie in die verskeie domeine (d.i. terminologiewerk wat vandag die meeste van die tyd deur tegniese komitees gedoen word) vertikale infrastrukture. Vanselfsprekend moet die standaardisering van terminologie gebaseer wees op gestandaardiseerde beginsels en metodes, wat self gebaseer moet wees op wetenskaplike teorie. Op internasionale vlak sorg die tegniese komitee ISO/TC 37 ("*Terminology and language and content resources*") vir die standaardisering van die beginsels en metodes van terminologiewerk.

### **2.2.3 Terminologiebestuur**

Soos vroeër genoem is terminologiewetenskap 'n hoogs interdisiplinêre gebied. Terminologiepraktyk noodsaak dus die samewerking van deskundiges uit verskillende domeine. As gevolg van die blote volume van terminologiese data moet so veel mense moontlik saamwerk, en pogings en hulpbronne deel:

- Terminografie vs. leksikografie: Volgens die klassieke definisies is terminografie konsepgerig en leksikografie woordgerig. Daar is in der waarheid geen duidelike onderskeid nie; die oorfloed van oorvleuelingsmetodes lei tot effense verskille in werkvloei, en, van groter belang, in afwykings met betrekking tot datastrukture. 'n Sameloop van

metodes met betrekking tot woord/betekenis-oriëntering vs. term/konsep-oriëntering is in die vooruitsig, en pogings word aangewend om die interwerkbaarheid tussen heterogene stelsels te fasiliteer.

- Beskrywende vs. voorskrywende werkswyses: Die aanvanklike fase van terminologiebestuur behels gewoonlik die dokumentering van diversiteit binne en oor kulturele, linguistiese, dissiplinêre-, professionele en korporatiewe grense; tydens 'n tweede fase is dit dikwels nodig om die kompleksiteit vir spesifieke doeleindes te verminder deur die standaardisering van terminologie, of deur die harmonisering van terminologie in die geval van leksikale fragmentering op dieselfde vlak as die sosiale register.

Terminografie is die proses waardeur terminologiese inligting gedokumenteer word. Hierdie werk word uitgevoer op eentalige, tweetalige en meertalige vlak. Doelgerigte en toepassingsgedrewe beginsels bepaal die uitleg van tegniese woordeboeke, woordelyste en ander terminografiese produkte, wat opgestel is vir verskillende teikengehore (bv. in opvoeding, in die massamedia, ens.). Rakende 'betekenis' en terminografie sluit die belangrikste oorwegings die volgende in:

- Konsepte en konseptuele strukture: Konsepte is begripskonstruksies (kognitiewe eenhede). In domeinkennis vorm konseptuele strukture die basis van enige gegewe terminologie. Uit 'n linguistiese oogpunt is die betekenis van 'n term die konsep wat benoem word deur die term. Konsepte word gevorm en voortdurend verander in enige professionele aktiwiteit en in alle vorme van professionele kommunikasie. Konsepvorming word ook aangedryf deur kulturele konvensies, en taal is die hoofmanifestasie van kultuur. Die komplekse en dinamiese interaksie tussen die skep van terme en die vorming van konsepte moet in ag geneem word tydens al die fases van terminologieontwikkeling en terminografie.
- Definisies, kontekste, voorbeelde: Terwyl daar onderskei word tussen verskillende soorte definisies – intensioneel, ekstensioneel, partitief, funksioneel, operasioneel, ens. – word daar tydens stelselmatige terminologiewerk 'n konsepstelsel weerspieël deur onderling verwante definisies. Multidimensionele konsepstelsels vereis definisies wat die verskillende fasette of onderskeidende kriteria uitstippel. Daarvolgens moet die beginsels van die skryf en/of evaluering/hersiening van definisies geformuleer word (sien ISO 704, Wright/Budin 1997: “*Dos and Don'ts of definition writing*”).
- Kontekste (ook ingesluit definisionele en illustratiewe kontekste): Die studie van kontekste binne die omgewing van terminologiebestuur illustreer die funksie wat 'n term vervul in diskoers, d.i. dat hulle stukke teks is. Die dokumentering van die verskillende funksies van kontekste is baie nuttig, en wanneer daar nie tyd is vir uitgebreide definisieskryf nie, bied die dokumentering van kontekste 'n nuttige alternatief, veral wanneer korpusanalise gebruik word om groot korpora binne 'n kort tydjie te skep. Kontekste ondersteun definisies en soms is hulle die enigste inligting wat

beskikbaar is (wanneer definisies ontbreek). Selfs wanneer 'n definisie wel beskikbaar is, is kontekste waardevol omdat hulle demonstreer dat een definisie die korrekte een is vir 'n gegewe geval. Kontekste kan in elk geval beskou word as 'n outentieke bron tydens die analise van die gebruik van terme sowel as hulle kollokasies.

Vergelykende terminologiewerk en koöperatiewe terminologiewerk beslaan twee basiese benaderings tot terminologiebestuur:

- Vergelykende terminologiewerk behels die ondersoek van terme en konsepte, soos dit in verskillende tale gebruik word om by die sogenaamde “ekwivalente” terme uit te kom, wat aanbeveel sal word in 'n terminologiese hulpbron of standaard. Hierdie proses ontbloot dikwels onsamehangendhede in konseptuele strukture en terminologiese gebruik tussen taalgemeenskappe. Wanneer die problematiese kwessie van “ekwivalensie” binne 'n pragmatiese (teenoor 'n filosofiese) konteks ondersoek word, is 'n funksionele benadering nuttig. Tekstuele en kommunikatiewe ekwivalensie vs. terminologiese of leksikale ekwivalensie moet ondersoek word. Vergelykende terminologie-analise vereis op hierdie stadium die deeglike dokumentering van hierdie navorsing en komiteebesprekings oor al die betrokke tale, om so 'n unieke kennisbasis en 'n ondersteuningstelsel vir besluitneming op te bou.
- Met koöperatiewe terminologiewerk word die beste resultate verkry – veral vir taalontwikkeling en terminologiestandaardisering – wanneer linguïste, terminoloë en domeinkenners in komitees saamwerk. Hierdie onderskeie kenners beskik gewoonlik oor uiteenlopende kennis en ervaring, wat bydra tot 'n komplekse taak:
  - domeinkennis (konseptuele kennis);
  - linguïstiese kennis (generiese en taalspesifieke kennis);
  - terminologiese kennis (kennis van werkmodes, wat die gaping tussen bogenoemde twee tipes kennis oorbrug).



### **3 Die formulering en implementering van 'n terminologiebeleid**

Die metodologie wat in die riglyne geskets word, benadruk die behoefte aan die stelselmatige ontwerp, formulering, implementering, werking, bevordering en instandhouding van 'n terminologiebeleid met duidelike doelwitte en vooruitsigte, asook toepassingsareas en -teikens. In hierdie verband moet die gebruik van inligtingsnetwerke ter ondersteuning van só 'n terminologiebeleid behoorlik in ag geneem word, asook die feit dat inligtingsnetwerke meer effektief word wanneer dit deur 'n terminologiebeleid ondersteun word. Die vestiging van organisatoriese en tegniese infrastrukture wat betrekking het op 'n terminologiebeleid is hoofsaaklik 'n middel om die beleid se doelstellings en vooruitsigte, wat verband hou met konkrete algemene of spesifieke toepassingsareas en -teikens, te bereik.

#### **3.1 Die formulering van 'n terminologiebeleid**

Terwyl daar op die ontwikkeling van terminologie gefokus word, kan die kern van die formulering van 'n terminologiebeleid toegespits word op die ontwikkeling van:

- die geaffilieerde algemene taal daarvan as 'n middel van domeinkommunikasie oor die algemeen;
- die TT's van sekere vakgebiede in 'n gegewe taal; of
- 'n kombinasie van albei hierdie aspekte.

Hierdie benadering kan egter sterk beïnvloed word deur die linguistiese situasie waarin dit toegepas moet word. Daar is 'n oorvloed verskillende situasies wat moontlik in ag geneem moet word tydens die formulering van terminologiebeleide volgens hierdie riglyne.

Binne dieselfde taalgemeenskap is terminologieontwikkeling moontlik nodig vir sekere TT's, terwyl etlike bestaande en dus kompeterende terminologieë in ander TT's dalk harmonisering nodig het. Sommige taalgemeenskappe is geïsoleerd binne 'n bepaalde geografiese gebied in 'n land. Hierdie taalgemeenskappe kan bestaan naas ander taalgemeenskappe, of min of meer outonome taalminderhede verteenwoordig. Ander gemeenskappe strek oor die bestaande nasionale grense van twee of meer lande – met hulle status wat in verskillende streke verskil – of oor baie lande verspreid lê. In sommige gevalle bestaan minderheidstale in een of meer lande, en hulle is afgesny van die ontwikkeling van die meerderheidstaal van die land waarin hulle ontstaan het. In sulke gevalle geniet minderheidstaalgemeenskappe soms 'n outonome of semi-outonome status binne hulle gasheerland, en ontwikkel dus spesiale terminologiese besonderhere om aan te pas by en in vrede saam te leef met die meerderheidstaalgemeenskap of -gemeenskappe rondom hulle. In ander gevalle is sulke minderhede min of meer totaal afhanklik van die taalontwikkeling in die land waarin hulle ontstaan het.

Hierdie Riglyne is gemik op lesers met verskillende linguistiese agtergronde – van groot lande wat 'n nasionale terminologiebeleid probeer vestig, tot klein en

mediumgrootte lande met een of meer taalgemeenskappe, regdeur tot by die kleinste taalgemeenskappe en ander soorte gemeenskappe wat 'n terminologiebeleid benodig. Elke taalgemeenskap kan verskillende behoeftes hê wat betref instellingsbou en menslike kapasiteitsbou as deel van die ontwerp, formulering en implementering van 'n terminologiebeleid volgens die spesifieke kultuur, samelewing en ander betrokke omstandighede.

### **3.2 Die implementering van 'n terminologiebeleid**

Beleidmakers staar op die oomblik 'n formidabele uitdaging in die gesig: die uitdink van nuwe maniere en middele om inligtingsbronne te verskaf en te ontgin in hulle ontwikkelingsplanne. As antwoord hierop behoort 'n terminologiebeleid gewoonlik opgestel te word ter ondersteuning van, of wat selfs vasgelê is in, ander nasionale beleide soos inligtings- of kennisbeleid, opvoedkundige beleid, kapasiteits- en instellingoprigbeleid, tegnologie- en innovasiebeleid, ens.

'n Terminologiebeleid raak feitlik die hele spektrum van beroepslewe, onderwys en opleiding, die gesondheidsorgstelsel, ens. Dit beïnvloed dus almal, oud en jonk, wat 'n behoefte het daaraan om gespesialiseerde kennis van een of ander aard te verstaan of te verkry. In die meeste gevalle is dit raadsaam om die aktiewe deelname van die instellings wat die mees doelgerig is in hulle toewyding aan taalbeplanningsbeleide, te verseker. Les bes is dit ook raadsaam om die hele taalgemeenskap in hierdie proses te betrek.

Hierdie Riglyne volg hoofsaaklik die implementeringsmodel vir nasionale inligtingsbeleide soos uiteengesit in die UNESCO-publikasie PGI-90/WS/11:

MoNTPiloff, Victor. *National Information Policies. A handbook on the formulation, approval, implementation and operation of a national policy on information.* Parys: UNESCO, 1990.

Omdat die Riglyne egter gereeld op streeks- of plaaslike vlak vir een of meer taalgemeenskappe gebruik gaan word, moet die model vereenvoudig word. In die geval waar grootskaalse toepassing op nasionale vlak vir verskeie taalgemeenskappe geskied, behoort bogenoemde publikasie tesame met hierdie Riglyne gebruik te word.

### **3.3 Menslike kapasiteitsbou**

Instellings- en kapasiteitsbou is belangrike kwessies in enige terminologiebeleid. Die behoefte aan terminologie-infrastrukture kan reeds in 'n vroeë stadium van die ontwerp van terminologiebeplanningsprogramme opduik. Terminoloë, en in die besonder terminologiebeleidskenners, word veral dan benodig sodat van die struikelblokke tydens die implementering van 'n terminologiebeleid vermy kan word. Insgelyks behoort 'n stelselmatige aksieplan vir menslike kapasiteitsbou in plek te wees om die opleiding van terminologiekenners te fasiliteer. Hierdie terminologiekenners word benodig om al die aspekte van die geformuleerde

terminologiebeleid uit te voer en enige ander terminologiese aktiwiteite wat duidelik in hierdie verband onontbeerlik is, te beoefen.

Soos die terminologie van elke vakgebied of domein aangevul word met elke nuwe uitvinding, word inligting versprei en kennis opgedoen deur middel van terminologie. Die voorsiening van gepaste wetenskaplike, tegniese, opvoedkundige en ekonomiese terme moet deur spesiale belangegroepes en kenners dwarsoor die taalgemeenskap ondersteun word. In kleiner lande en taalgemeenskappe met ontwikkelende terminologieë behoort daar tydens die eerste fase van die implementering van 'n terminologiebeleid voorkeur gegee te word aan die voorbereiding van die basiese terme wat die dringendste benodig word. Dit kan terme insluit wat nodig is vir die onderwysstelsel, maar ook vir higiëne of openbare gesondheid of die openbare vervoerstelsel, ens. Prioriteite moet dus dalk vasgestel word vir die domein of domeine waar die terminologiebeleid die eerste toegepas gaan word.

Tegniese vertalers speel dikwels 'n beslissende rol tydens die terminologieskepproses, omdat hulle gewoonlik tydens die vertaalproses nuwe terme in die doeltaal voorstel op grond van nuwe terme wat in die brontale opduik. In alle gevalle vereis die proses van terminologieskep en -aanvaarding noue samewerking tussen terminoloë, vakspecialiste, linguïste, vertalers en opvoeders. Gekoördineerde pogings kan ontwerp word om die ontstaan van kompeterende termkeuses te vermy. Die gebruik van minderheids-, gemarginaliseerde en ontwikkelende tale in 'n land voorsien 'n middel tot die waardering en integrering van inheemse tegnologiese met moderne tegnologie. Die ondersteuning van taalontwikkeling moet dus die bewaring van die kulturele erfenis en diversiteit van die land aan.

Indien 'n land se terminologieplanne die skep van terminologie-instellings insluit, kan daar 'n behoefte wees daaraan om werknemers op te lei wat in terminologieprojekbestuur, terminologieswerk en terminografie spesialiseer. Aan die een kant sal terminograwe moontlik nou met die domeinspecialiste moet saamwerk. Terminograwe is in staat om terme te ekstraheer en te dokumenteer volgens spesifieke terminografiese beginsels en praktyke, asook om voorlopige termlyste saam te stel. Terminoloë, aan die ander kant, sal navorsing moet doen oor sekondêre termskepbeginsels en -praktyke. Vanselfsprekend moet alle terminologiesdeskundiges oor 'n deeglike kennis van die ortografie, spelling en woordvormingsbeginsels van die betrokke taal of tale beskik.

Bydraes uit die privaat sektor moet ook nie onderskat word in hierdie verband nie. Deskundiges besef dat hulle met ander domeinspecialiste en ook met leke moet kommunikeer. Eerstens moet hulle egter eers in hulle eie domein kan kommunikeer deur ondubbelsinnige terminologie. Sulke domeinspecialiste kan dan besluit om terminologieprojekte en die saamstel van tegniese woordeboeke in hulle onderskeie vakgebiede te onderneem. Hierdie persone is dikwels nie terminoloë of terminograwe nie, en benodig bystand met die terminologiese proses van die skep van terme, die dokumentering daarvan op 'n stelselmatige wyse, en uiteindelik die saamstel van 'n terminologiese dataversameling vir hulle onderskeie vakgebiede.

### **3.4 Die rol van nasionale terminologie-instellings**

Die rol van instellings wat terminologiedienste verskaf, is om die regering te adviseer en te ondersteun in die formulering, ontwikkeling, implementering en instandhouding van strategieë wat betref terminologie en terminologieontwikkeling. Daar is gevalle waar een terminologie-instelling dienste aan een of meer lande verskaf. Daar is ander gevalle waar verskillende instellings sorg vir 'n verskeidenheid terminologiedienste op nasionale en streeksvlak. Die lewering van hierdie dienste is deel van die belangrikste doel van hierdie instellings. Soms lewer domeinspesifieke instellings ook terminologiedienste.

Terminologie-instellings adviseer oor beleid en ander sake wat betref terminologie en gespesialiseerde tale (TT). Hulle kan norme vasstel en evalueer vir terminografiese doeleindes, vir die skep van geriewe en vir die implementering van gestandaardiseerde prosedures om terminologiese inligting vir die verskillende taalgemeenskappe in die land te versamel, te dokumenteer, te sistematiseer en te versprei. Terminologie-instellings kan ook 'n inligtingsdiens verskaf oor gespesialiseerde taalkonvensies sowel as oor terminografiese sake. Daarbenewens kan hulle ook projekte vir die ontwikkeling van TT's koördineer, ondersteun en fasiliteer, en sodoende terminologiefasiliteite en -produkte beskikbaar stel vir verwante inligting- en kommunikasiestelsels, deur bv. 'n TDB te ontwikkel en te bestuur. In 'n era van netwerkvorming tussen netwerke kan laasgenoemde die vorm aanneem van 'n "virtuele" sentrale TDB, wat in der waarheid uit 'n netwerk van verspreide databasisse bestaan.

Die doelwit van nasionale terminologie-instellings kan wees om die bemagtiging van landsburgers te bevorder deur terminologiese bydraes wat kommunikasie op verskillende vlakke in verskeie vakgebiede en aktiwiteitsdomeine fasiliteer. Ander mikpunte kan wees om geskikte veeltalige terminologieprodukte in verskillende domeine te lewer, om die produksie van terminologieë en eksterne terminologiese bydraes te koördineer, om vennootskappe tussen medewerkers en belanghebbendes te sluit, om 'n nasionale terminologiedatabasis (TDB) te bestuur, en dalk om terminologiese inligting te versprei na gebruikers, kliënte en medewerkers met behulp van termlyste, vakwoordeboeke en die elektroniese media. Buiten die fasilitering van wetenskaplike, ekonomiese en tegniese kommunikasie, kan nasionale terminologie-instellings 'n belangrike rol speel in kennisoordrag, en gevolglik ook in die bemagtiging van 'n land se burgers in die algemeen deur hulle wetenskaplike, ekonomiese en tegniese sowel as hulle algemene linguistiese vermoë te verhoog.

'n Nasionale terminologie-instelling moet dalk 'n plek van klaring vir terminologiewerk word in 'n gegewe land, aangesien die vraag na terminologie daaglik toeneem. In só 'n geval is dit belangrik om effektiewe koördinerende en werksprosedurebestuur vir termdokumentering te hê om duplisering te vermy en uiteindelik standaardisering te bevorder. 'n Nasionale terminologie-instelling kan as nasionale fasiliteerder optree wat die terminologiese insette van verskeie spraak- en vakgemeenskappe in 'n sentrale of verspreide databasis dokumenteer. Terminologiese inligting kan dus deur 'n sentrale toegangspoort bekom word.

Sodoende kan die nasionale terminologie-instelling belangrike dienste aan die hele gemeenskap lewer.

In lande met een of meer taalgemeenskappe wat oor groot areas versprei is, kan 'n gedentraliseerde terminologie-infrastruktuur die beste oplossing bied vir probleme tydens die implementering van 'n terminologiebeleid. Gedentraliseerde terminologieskantore kan as hulpbronne vir 'n nasionale terminologie-instelling dien (bv. deur gebruikers te voorsien van eenvormige, gebruikersvriendelike toegang tot die saamgevoegde portale van 'n aantal terminologie-organisasies). Die kantore kan geleë wees in areas waar die spesifieke domeine oorheersend is, of dit kan geplaas word in die geo-linguistiese area waar die meeste van die eerstetaalsprekers van 'n taal wat terminologieontwikkeling benodig, woonagtig is. Terminologieprojekte kan ook geïnisieer word deur individue of vakverwante organisasies en verenigings wat die behoefte aan terminologie-ontwikkeling binne 'n spesifieke domein bepaal het. Hulle eie taal kan dus meer funksioneel word binne die spesifieke streek of domein.

### **3.5 Privaat inisiatiewe**

Terminologie is 'n strategiese hulpbron in 'n veeltalige land. Dit is die medium waardeur kennis en inligting versprei word. Effektiewe wetenskaplike en tegniese kommunikasievaardighede word ontwikkel deur die gebruik van korrekte, gekonsolideerde of gestandaardiseerde terminologie. Voorts word nuwe vaardighede en professionele profie benodig vir die sogenaamde terminologiemark, wat produkte en dienste aan die gebruiker verskaf. Hierdie verbruikers kan insluit:

- terminologieskeppers (bv. navorsers, tegnisi, administrateurs, ens.);
- terminologiedataproduseerders (bv. terminologiestandaardiseerders, skeppers van terminologiedatabasisse, gespesialiseerde leksikograwe, ens.);
- terminologiedataverspreiders (bv. woordeboekuitgewers, gekoppelde inligtingsdienste, ens.); en
- enige landsburger oor die algemeen.

Terminologiese produkte bestaan meestal uit:

- verskillende soorte terminologiese inligting in verskillende vorme vir verskillende doelwitte en gebruikersgroepe;
- terminologiese instrumente met verskeie doelstellings.

Terminologiese inligting (as terminologiedokumentasie ingesluit is) bevat drie kenmerkend fundamentele tipes data, bv. (een- of veeltalige):

- terminologiese data as sodanig (bv. inligting oor domeinspesifieke konsepte en hoe dit weergegee word deur linguistiese en nie-linguistiese simbole aangevul deur 'n verskeidenheid geassosieerde data);
- bibliografiese data oor 'n wye spektrum verskillende publikasietipes op die gebied van terminologie;
- feitelike data oor instellings, deskundiges, programme, gebeurtenisse en ander aktiwiteite op die gebied van terminologie.

Elkeen van hierdie tipes data benodig 'n ander tipe databasisstelsel (wat bestaan uit 'n stel afsonderlike databasisse of een geïntegreerde databasisstelsel wat 'n hele paar verskillende datamodelle inkorporeer). 'n Sentrum vir terminologie-inligting en -dokumentasie moet al drie hierdie hoof tipes databasisstelsels hanteer. Die stelsels, met verskillende doelstellings, is geskoei op die lees van duidelik gedefinieerde datakategorieë (volgens die 'inligtingsvoorwerpe' wat nodig is om enige gegewe datamodel te dokumenteer). Die data wat in sulke stelsels gegenereer en in stand gehou word, asook die verwante programmatuur, kan gebruik word om verskillende soorte "produkte" te genereer en kan 'n grondslag vorm vir 'n verskeidenheid "dienste".

Vanuit 'n formele oogpunt gee terminologiese data vakkundige kennis op die vlak van konsepte weer. Hierdie data word aangebied:

- in konvensionele gepubliseerde vorm (bv. 'n gedrukte woordeboek, woordelys, leksikon, ens.);
- in 'n elektroniese publikasie (wat slegs die data as sodanig bevat, in 'n gegewe formaat of tesame met programmatuur of apparatuur, bv. in 'n elektroniese woordeboek);
- deur gekoppelde inligtingsdienste.

Terminologiese data kan in handrekenaars of in selfs kleiner elektroniese sakwoordeboeke in 'n onskiedbare kombinasie of integrasie met die onderskeie programmatuur of selfs apparatuur geïmplementeer word.

Kliënte kan terminologiese data op die terminologiemark bekom vir interne gebruik alleenlik of vir hergebruik met die verwisseling van terminologiese data, ens. Verskillende gebruikersgroepe benodig egter terminologiese data met verskillende mates van kompleksiteit en granulositeit vir verskillende doeleindes. Dit is dus hoogs ekonomies om meerdoelige terminologiese data voor te berei vir verskillende toepassings en gebruikers, wie se behoeftes gehanteer word deur gepaste gebruikerskoppelvlakke wat ontwerp is met spesifieke kliënte in gedagte. Terminologiese data kan ook baie doeltreffend gebruik word as kerninligting, en die data van domeinspesifieke ensiklopedieë kan daarrondom gerangskik word.

Terminologiese toepassingsprogrammatuur verskaf die algemeenste soort instrument vir die hantering van terminologiese data op verskillende maniere. Daar is verskillende soorte **terminologiebestuurstelsels (TBS's)** wat ontwerp is as instrumente om terminologiese data vir verskillende doeleindes op 'n professionele manier te dokumenteer, te stoor, te verwerk en te produseer. **Terminologiedatabasisse (TDB's)** bestaan uit terminologiese data en 'n TBS om hierdie data te verwerk. Soms word groot TDB's geïntegreer in 'n min of meer gesofistikeerde organisatoriese of institusionele struktuur, wat gevestig is vir die versameling en instandhouding van groot hoeveelhede terminologiese data vir talle gebruikers. Meeste rekenaargebaseerde TBS's word vandag toegepas deur individuele gebruikers, klein koöperasies (geïntegreer, al dan nie, deur 'n gepaste Lokale Aaretnetwerk (LAN)) of groter afdelings (waar die individuele werkplekke gewoonlik aan 'n min of meer gesofistikeerde LAN of intranet gekoppel is).

TBS's word toenemend verder ontwikkel tot instrumente vir verskeie toepassings soos:

- rekenaargesteuende vertaling;
- wetenskaplike en tegniese skryf (tegniese dokumentasie ingesluit);
- die administrasie van onderdele;
- elektroniese handel, ens.

Aan die ander kant word TBS-modules, wat gekenmerk word deur verskillende mates van gesofistikeerdheid, geïmplementeer in allerhande toepassingsprogrammatuur. TBS's word ook al hoe meer toegepas in verskeie werksprosedures met betrekking tot inligting en kommunikasie. Op hierdie manier word nuwe markte dus gevind in:

- koöperatiewe tegniese skryf (deur tegniese skrywers);
- dokumentasie (in die sin van inligting en dokumentasie, asook die bewaring daarvan in 'n argief en die liassing daarvan); en
- koöperatiewe terminologiewerk.

Met rekenaargesteuende koöperatiewe (en netwerkgebaseerde verspreide) terminologiewerk kan die voorbereiding, prosessering en instandhouding van terminologiese data vinniger, doeltreffender en ooreenkomstig moderne gehaltebeheer uitgevoer word.

Die volgende terminologiedienste bestaan reeds:

- terminologiekonsultasie en -opleidingsdienste;
- die uitkontraktering van terminologieopdragte;
- inligtingsdienste op die gebied van terminologie.

Konsultasiedienste en opleiding word dikwels benodig tesame met toepassingsaspekte soos:

- die toepassing van terminologiese beginsels en metodes (insluitend veral die gepaste toepassing van bestaande standaarde op terminologiese beginsels en metodes sowel as verwante standaarde);
- die seleksie en toepassing van instrumente (bv. programmatuur vir die prosessering van veeltalige data);
- terminologieprojekbestuur, ens.

Vandag se vakkundiges het dikwels nie die basiese teorie van logika en epistemologie onderliggend aan die filosofie van wetenskap of inligtingswetenskap bestudeer nie, en benodig opleiding in die teoretiese en metodologiese grondbeginsels van terminologiewetenskap en terminografie. Groot organisasies en instellings moet dikwels terminologiese metodes en instrumente in hulle inligtingsbestuur- of gehaltebestuurskemas integreer. Baie lande se staatsliggame en ander owerheidspersone wil kennisoordragbeleide implementeer, wat grootliks voordeel sou trek uit gepaste terminologiebeplanningsmetodes. Instellings en organisasies benodig ook gereeld raad ten opsigte van regsprobleme (veral as dit verband hou met intellektuele eiendomsregte) met betrekking tot die toepassing van terminologiese data en instrumente.

Verskeie instellings en organisasies beskou uitkontraktering toenemend as 'n geskikte metode om die beperkte terminologiese behoeftes wat geïdentifiseer is, te kan hanteer. Uitkontraktering kan bv. verwys na:

- navorsing en ontwikkeling op aanvraag, met betrekking tot nuwe instrumente of toepassingsprogrammatuur;
- die aanpassing van bestaande instrumente, ens., soos:
  - TBS- of selfs TDB-ontwerp en -implementering
  - metawebblaaiers vir inligtingsnetwerke, ens.;
- terminologiewerk op aanvraag, met betrekking tot:
  - terminologievoorbereiding;
  - terminologie-instandhouding (insluitende o.a. hersiening en bywerking);
  - die omskepping of samesmelting van terminologiese data;
  - die evaluering en geldigverklaring van terminologiese data, ens.;



- instandhouding en nasorgdienste met betrekking tot:
  - instandhouding en bywerking van TBS-programmatuur;
  - instandhouding van omvattende datavoorraad, ens.;

Terminologiese produkte en dienste is toenemend beskikbaar as, of verbonde aan, een of meer soorte inligtingsdienste op die mark – soortgelyk aan die algemene situasie op die gebied van inligting- en kommunikasietegnologie (IKT). Dit sal ook toenemend in ander IKT-toepassings geïntegreer word.

Vir die verspreiding van terminologiese data na verskillende gebruikersgroepe met verskeie gebruikersbehoefte, moet pogings om markgeoriënteerde en kostegebaseerde inligtingsnetwerke te vestig vir die voorsiening van:

- terminologiese data as sodanig; asook
- terminologiese produkte en dienste met toegevoegde waarde

op 'n kommersiële basis, nie uitgesluit word nie. Kliënte sou dus moes betaal vir terminologiese produkte en dienste. Hoe meer daar egter 'n steeds groeiende verskeidenheid produkte en dienste is waaruit kliënte kan kies, hoe bekostigbaarder sal hierdie dienste raak.

Die nasionale terminologie-infrastruktuur, hetsy gesentraliseer of gedesentraliseer, moet dus ten volle met die privaat inisiatiewe saamwerk deur terminologiese en terminografiese hulp en/of opleiding (sien 3.1) te verskaf. Deskundiges wat op nasionale vlak werk, kan ook help met die redigering en finalisering van die eindprodukte, asook met die publikasie en bemarking van produkte. Hoe meer 'n terminologiebeleid uit die staanspoor as veeltalig en nie-eksklusief opgestel word, hoe groter kan potensiële markte word.

Die beplanning en implementering van 'n nasionale terminologiebeleid kan deur openbare instellings uitgevoer word, of dit kan gedelegeer word aan organisasies wat in die privaat sektor werksaam is (kommersiële konsultasiefirmas of NSO's sonder 'n winsoogmerk).

#### **4 Die voorbereiding, formulering en implementering van terminologiebeleide**

Hierdie riglyne bevorder die formulering en implementering van 'n beleid wat suiwer terminologies is. Sulke terminologiebeleide bestaan byvoorbeeld in verskeie lande as deel van inligtingsbeleide of van beleide wat verband hou met regerings- en nieregerings-inligtingsaktiwiteite. Openbare en privaat instellings werk noukeurig talle reëls, ooreenkomste en riglyne uit om die inligting wat hulle benodig om hulle spesifieke ekonomiese, sosiale en politieke doelwitte te bereik, te verkry en te beskerm. Baie van hierdie reëls, ooreenkomste en riglyne is reeds met groot welslae geïmplementeer, en word nou aanvaar as maatstawwe vir die uitvoering en ontwikkeling van spesifieke aktiwiteite. Soms veroorsaak die fragmentering daarvan egter 'n chaotiese situasie, en die fundamentele rol van terminologie word gewoonlik verontagsaam. Met die vinnige ontwikkeling en sameloop van moderne IKT's, word die kwessies selfs nog ingewikkelder. Hoewel hierdie Riglyne op terminologiebeleide fokus, moet die integrasie van hierdie beleide in en die koördinerende daarvan met ander beleide, nie verontagsaam word nie.

Die ontwikkelingsfases vir 'n terminologiebeleid is gegrond op die ondervinding wat reeds met die formulering van nasionale inligtings- en kennisbeleide opgedoen is, en behels volgens hierdie Riglyne die volgende:

- FASE I – Die voorbereiding vir die terminologiebeleid;
- FASE II – Die formulering van die terminologiebeleid;
- FASE III – Die implementering van die terminologiebeleid;
- FASE IV – Die volgehoue werking van die terminologie-infrastruktuur en die aanpassingsmeganisme van die terminologiebeleid.

Hierdie skema fokus op terminologie op lands- of taalgemeenskapsvlak, maar kan maklik aangepas word vir ander vlakke of organisatoriese omgewings.

Die belangrikheid van streng monitering en toegepaste roosters vir projekteerling neem vanaf FASE I na FASE III toe. Verder kan die mate van openbare ondersoek toeneem as die implementeringsfase van die terminologiebeleid bereik word. Afhangend van die omvang daarvan, kan die fases en take wat hieronder geskets word, verder gedifferensieer word. Dit is veral belangrik om kennis te neem daarvan dat hierdie fases en take na alle waarskynlikheid nie opeenvolgend sal plaasvind nie, maar eerder sal oorvleuel of selfs gelyktydig uitgevoer sal word. Gevolglik is sorgvuldige projekbeplanning noodsaaklik vir die sukses van die program, aangesien dit die projekbestuurders in staat stel om duidelik geartikuleerde taakopdragte, taaklewing en sperdatums vir belangrike projekkomponente te beheer. Projekbestuurprogrammatuur, wat aangepas is vir die doel van terminologiebeleidsimplementering, kan baie nuttig wees om die uitvoering van komplekse prosesse te beplan en te monitor.

Die bestudering van bestaande voorbeelde en ervarings wêreldwyd kan tydens elk van die fases baie nuttig wees om lokvalle en slaggate te vermy waarin ander reeds getrap het.

#### **4.1 FASE I – Die voorbereiding vir die terminologiebeleid**

Aangesien die formulering en implementering van 'n terminologiebeleid 'n hoogs komplekse saak is, moet die proses op deeglike voorbereiding gebaseer wees. Die voorbereidingsfase kan die volgende insluit:

- Die evaluering van die taal- en terminologieomgewing en van bestaande wetgewing;
- Die ontwerp van aktiwiteite om taalbewustheid te skep, asook pogings om amptelike erkenning aan hierdie aktiwiteite te gee;
- Die aanbeveling van metodologie en beskikbare of moontlike prosedures;
- Die voorbereiding van die voorlopige dokumente;
- Die organisering van 'n nasionale konsultasieproses.

##### **4.1.1 Die evaluering van die taal- en terminologieomgewing**

'n Omvattende evaluering van die jongste TT-ontwikkeling in die taalgemeenskap, sowel as in bestaande en potensiële gemeenskappe van deskundiges, word vereis. Verder moet ook die impak van TT op en interaksie van TT met ander beleide en strategieë, en les bes die taalgemeenskap se gesindheid teenoor taal en terminologie, geëvalueer word. Hierdie evaluering behoort die hoofbelanghebbendes te identifiseer en enige sosiale of sielkundige hindernisse wat in die pad staan van 'n terminologiebeleid, vas te stel. Ander tasbare en ontasbare aspekte sowel as ander probleme wat opgelos moet word, moet geïdentifiseer word. Die evaluering behoort ook 'n analise in te sluit van die direkte en indirekte voordele, en van die beraamde koste geïmpliseer in die formulering en implementering van die terminologiebeleid. Verder moet die doelwitte en omvang van die terminologiebeleid, asook moontlikhede vir die verwesenliking daarvan, duidelik uiteengesit word om die situasie volledig te kan evalueer, sodat geldige gevolgtrekkings gemaak kan word. Hierdie proses kan ook die vorm van 'n gevallestudie aanneem, of ten minste 'n gevallestudie insluit.

Hierdie aanvanklike voorbereiding behoort 'n opname in te sluit van die regulerende of beleidsraamwerk met betrekking tot inligting (staatsreg, gemenereg, statutêre beheermaatreëls, verordende wetsbepalings, nasionale riglyne, dekrete, ens.). Dit kan nuttig wees om enige oorvleuelende inkonsekwentheid en teenstrydighede in huidige regsregulasies en -beleide uit te wys.

Die inligting wat op so 'n wyse versamel is, dien drie hoofdoelwitte:

- om die behoefte aan 'n nasionale terminologiebeleid te beklemtoon;
- om die mate waarin professionele mense en gebruikers oor die algemeen hierdie behoefte reeds erken, te bepaal; en
- om die leemtes en ontoereikendhede van bestaande beleide te identifiseer.

Agtergronddokumente behoort die volgende in te sluit:

- 'n inleiding tot die fisiese, sosiale, ekonomiese en administratiewe omgewing;
- 'n evaluering van die vernaamste nasionale doelwitte (wat ook die politieke en sektorspesifieke prioriteite van die nasionale ontwikkelingsplan insluit);
- 'n evaluering van die sosio-ekonomiese situasie van die betrokke taalgemeenskappe;
- 'n evaluering van nasionale terminologie- en taalhelpbronne, insluitend 'n analise van die status van terminologieë in elke taal;
- 'n evaluering van die vernaamste terminologie- en taalinstellings, en hulle helpbronne en dienste;
- 'n evaluering van nasionale gebruikers: die hoofipes institusionele en individuele gebruikers, en hulle behoeftes en terminologievereistes;
- 'n evaluering van die huidige taalbeleidsituasie: die omvang en dekking van hierdie beleid, die meganismes vir die formulering en bekragtiging daarvan, en die ontoereikendhede van hierdie meganismes;
- 'n opsommende gevolgtrekking wat die behoefte aan 'n terminologiebeleid uiteensit, en die vlak van erkenning asook die vernaamste beperkings verbonde aan die implementering van die beleid, definieer.

Deskundiges sal waarskynlik die werk in hierdie voorbereidingsfase doen. Hulle sal verdeel word in 'n komitee of in 'n aantal groepe, en 'n sameroeper, 'n groep of 'n instelling sal hulle koördineer. Daar moet seker gemaak word dat die formulering van idees en die aanbied van resultate op 'n bondige en maklik verstaanbare wyse geskied, sodat alle belanghebbendes en besluitnemers dit duidelik sal verstaan.

#### **4.1.2 Aktiwiteite om bewustheid te verhoog en pogings om erkenning te verkry**

Soos reeds hierbo genoem, behoort amptelike ondersteuning, of ten minste amptelike aanmoediging, verkry te word aan die begin van die proses van 'n terminologiebeleid voor te berei, te formuleer en te implementeer. Hierdie kriterium vereis dat aktiwiteite wat ontwerp is om bewustheid te verhoog, beoefen moet word voordat 'n

amptelike mandaat of erkenning gegee word, ter voorbereiding van die implementering van 'n terminologiebeleid. Die aard van die veldtog om bewustheid te verhoog kan mettertyd verander. Tydens hierdie aanvangstadium word dit aanbeveel dat administrateurs, besluitnemers, wetgewers en deskundiges, asook prominente figure uit die samelewing en die media betrek word. Die aktiewe ondersteuning van sleutelfigure wat die doelwitte van die projek verstaan, kan 'n beslissende faktor wees in die vestiging van 'n stewige fondament vir toekomstige werk.

Hierdie pogings behoort reeds tot 'n mate enige bestaande dokumente (studies, navorsing, ondersoek, ens.) te identifiseer, buitelandse voorbeelde en ervarings te versamel, en leemtes uit te wys wat gevul moet word ter voorbereiding van die evaluering van die plaaslike taal- en terminologieomgewing.

#### **4.1.3 Aanbeveling van metodologie en prosedures**

Wanneer analises en assesserings voltooi is en die doelwitte en die omvang van die program geïdentifiseer is, behoort 'n gedetailleerde raamwerk voorberei te word, wat die mees gepaste metodologie en prosedures aandui. Hierdie metodes en prosedures kan aansienlik verskil tussen taalgemeenskappe aan die een kant en tussen domeindeskundiges en gebruikersgemeenskappe aan die ander kant. Dit behoort ook vanuit bestaande perspektiewe of benodigde hulpbronne en kapasiteite bekyk te word. Verwysings na voorbeelde van die mees geslaagde praktyke en ervarings in die buiteland word hoog op prys gestel in hierdie proses, solank plaaslike sensitiwiteit in gedagte gehou word.

Die aanbevelings wat op hierdie stadium geformuleer word, behoort bondig te wees en behoort duidelik op die fasilitering van die besluitnemingsproses vir die volgende fase toegespits te wees.

#### **4.1.4 Die voorbereiding van voorlopige dokumente**

Die voorbereiding van voorlopige dokumente verrig twee hoof funksies:

- om uiteindelik die ondersoek- en assesseringsresultate teenoor die bestaande hulpbronne en kapasiteite te konsolideer;
- om 'n basis te skep vir 'n konstruktiewe landwye (of taalgemeenskapswye) publieke konsultasie oor die kwessies aangaande 'n terminologiebeleid.

Die resultate van die assessering van die huidige situasie soos aangehaal in 4.4.1 behoort saamgevat te word in een of meer bondige agtergrondsdokumente, waar die bevindinge tot dusver gewys en geanaliseer word, om sodoende die hoofprobleemareas te identifiseer wat waarskynlik die nasionale beleid oor taal en terminologie gaan beïnvloed. Hierdie analise, tesame met bogenoemde agtergrondsdokument(e), kan voorgelê word vir publieke hersiening op nasionale vlak, en kan sodoende die belangrikste besprekingsdokument(e) vir konsultasie op daardie vlak uitmaak. Sommige lande kan egter verkies dat sowel die agtergronds-

dokumente as die analise in 'n enkele dokument saamgevat word, maar hierdie keuse het geen beduidende impak op die konsultasie nie.

Wat die uitleg en voorlegging van hierdie dokumente betref is spesiale sorg nodig om duidelike en eenvoudige formulerings en voorleggings te produseer, sodat nie-deskundiges (administrateurs, besluitnemers, wetgewers en – laaste maar nie die minste nie – die breë publiek) maklik die betekenis daarvan kan verstaan.

#### **4.1.5 Die organisering van 'n gemeenskapswe konsultasieprosedure**

In die meeste gevalle is dit baie nuttig om 'n selektiewe konsultasieproses te organiseer en te lei, selfs tydens die voorbereiding van die voorlopige dokumente. Na gelang van die werklike situasie van die betrokke taalgemeenskap, kan die landwe of gemeenskapswe publieke konsultasieproses ook op 'n later stadium plaasvind, of herhaal word tydens enige van die belangrike stappe in die proses van die formulering en implementering van die terminologiebeleid. Sulke konsultasies kan verskillende doelwitte hê en kan dus verskillende vorme aanneem, soos:

- vergaderings;
- onderhoude;
- opnames (bv. deur middel van vraelyste).

Die resultate van die konsultasie(s) moet aangeteken, opgesom en geïntegreer word in die proses van die formulering van die terminologiebeleid, asook in die gepaardgaande bevorderingsaktiwiteite.

#### **4.2 FASE II – Formulering van die terminologiebeleid**

Sodra die aktiwiteite wat in fase I uiteengesit word, voltooi is, kan die nasionale terminologiebeleid opgestel word na aanleiding van die mandaat wat daaruit voortvloei. Hierdie fase behels:

- die formulering van 'n terminologiebeleid
- die formulering van 'n plan vir koördinerings van die terminologiebeleid met ander strategiese beplanningsbeleide;
- die voorbereiding van 'n plan vir die implementering van die projek;
- die voorlegging van 'n finale beleidsontwerp (die dokument en die implementeringsplan);
- 'n besluit oor die finale beleid (die dokument en implementeringsplan).

Lande beperk dikwels die bestek van hulle terminologiebeleide tot wetenskaplik-tegniese inligting (WTI) en die betrokke inligtingshulpbronne en –dienste.

'n Bewustheid daarvan dat terminologie 'n onontbeerlike deel is van wetenskaplik-tegniese inligting (WTI) kan geleidelik opgebou word tesame met die bevordering van WTI as 'n algemene hulpbron wat 'n belangrike markwaarde het en in staat is om die land se sosiale, kulturele en ekonomiese ontwikkeling te dien.

#### **4.2.1 Die opstel van die terminologiebeleidsvoorstel**

Dit word verwag dat die terminologiebeleid wat ontwikkel is volgens hierdie benadering sal verseker dat daar so omvattend aan die terminologievereistes van die land of taalgemeenskap voldoen word as wat die skaars hulpbronne dit moontlik maak. In die voorlopige terminologiebeleidsvoorstel moet die konkrete doelstellings, omvang, voordele, hoofbelanghebbers en die aanwysings wat gevolg moet word by die implementering van die terminologiebeleid só geformuleer word dat dit die politieke besluitnemingsproses fasiliteer. In hierdie fase kan dit van nut wees om 'n evalueringsprosedure vir die onderskeie dele van die voorlopige voorstel te skep. Baie mense wat by die latere implementering van belang is, kan hierby betrokke raak, en die doel van die prosedure moet wees om vas te stel watter implikasies sover misgekyk of onder- of oorskat is.

#### **4.2.2 Die koördinering van terminologiebeplanning met ander strategiese beplanningsbeleide**

Oor die afgelope jare het merkwaardige ontwikkelings tot 'n globale inligtings- en kennissamelewing 'n beduidende evolusie in die gesindheid van regerings teenoor inligtingsaktiwiteite teweeggebring, wat regerings genoop het om hulle nasionale prioriteite te hersien en om nuwe beleide te vestig. Vandag benodig besluitneming en beplanning data van nasionale en internasionale bronne, wat terminologie op sosiale, finansiële, wetenskaplik-tegniese en kulturele gebied vereis. Die terminologiebeleid moet dus nie beskou word as 'n geïsoleerde saak nie, maar as 'n dokument wat gekoördineer is met die algemene ontwikkelingsstrategie of -beleid en/of ander ontwikkelingsverwante strategieë en beleide. Hierdie doelstelling kan verwesenlik word deur 'n verklaring ten opsigte van die integrasie van die terminologiebeleid, met die oog op verskeie doelstellings:

- om die terminologiebeleid aan die ontwikkelingsbeleid as geheel te koppel;
- om die terminologiebeleid binne die konteks van nasionale ontwikkelingsaktiwiteite te plaas (en sodoende die behoefte aan hulpbronne en kapasiteite te regverdig);
- om riglyne vir die bestuur en beplanning van hulpbronne en dienste aan staatsdepartemente en privaat maatskappye asook NSO's en OSW's te verskaf;
- om 'n basis te vestig vir enige toekomstige hersiening van die terminologiebeleid na aanleiding van veranderende omstandighede;
- om die terminologiebeleid te koppel aan wetenskaplik-tegniese vertaalbeleide en verwante beleide oor die bestuur van meertalige kommunikasieprosesse;

- om die impak van ander verwante beleide op die terminologiebeleid uit te lig.

'n Dokument oor hierdie koördineringskwessies sal waarskynlik die terminologiebeleidsvoorstel moet aanvul.

#### **4.2.3 Implementeringsplan**

Die effektiewe ontwikkeling van streeks- en nasionale terminologiebeplanning en -netwerke kan grootliks afhang van die bestaan van allerlei tipes ander nasionale infrastrukture. Daar word toenemend besef dat die ontwikkeling van só 'n infrastruktuur, en die bydrae daarvan tot streeks- en nasionale samewerking op die gebied van inligting, gefasiliteer sal word deur die formulering en implementering van gepaste terminologiebeleide oor spesifieke hulpbronne en dienste. Hierdie stap, asook tydige beplanning en die beskikbaarheid van voldoende menslike hulpbronne, speel 'n belangrike rol in die implementeringsplan vir die terminologiebeleid. Die versoek om fondse vir die implementering moet realisties proporsioneel wees tot die doelstellings, omvang en doelwitte, asook die voordele wat verwag kan word. Die implementeringsplan sal spesifiek die volgende insluit:

- die seleksie van gepaste strategieë om die doelstellings en die onderskeie doelwitte van die terminologiebeleid binne 'n gegewe tydperk te verwesenlik;
- die toewys van prioriteite aan die onderskeie terminologiebeleidsake;
- die toedeel van hulpbronne aan die implementering van verwante programme;
- die voorlegging van 'n koördineringsmeganisme (binne die terminologiebeleid en teenoor ander verwante beleide).

Na gelang van die omvang van die terminologiebeleid asook kompleksiteit van die situasie, moet bogenoemde strategiese bestuursake gegrond wees op voorlopige ondersoeke wat betref:

- die vestiging van 'n meganisme vir die implementering van aktiwiteite wat met die terminologiebeleid verband hou;
- die ontwikkeling van 'n aksieplan om die beleid se doelwitte te bereik;
- die voorsiening van finansiële hulpbronne vir die implementering van aktiwiteite wat met die terminologiebeleid verband hou;
- die ontwikkeling van maatstawwe om die aksieplan van tyd tot tyd te assesser en aan te pas.

In die meeste gevalle behoort die terminologiebeleidsvoorstel gepaard te gaan met 'n voorlopige implementeringsplan.



#### **4.2.4 Voorlegging van beleidsdokumente en die implementeringsplan**

Dit is belangrik om die onderskeie stappe wat gevolg moet word te ondersoek in die opstel van die finale beleidsteks en die motivering van die professionele gemeenskappe wat betrokke is by die ondersteuning van hierdie aktiwiteite. Die voorlopige finale terminologiebeleidsteks moet 'n duidelik opgestelde, relatief kort dokument wees, wat akkurate en bygewerkte inligting voorsien oor sake wat die aandag van die regering of van ander politieke besluitnemers vereis. Die dokument word benodig:

- om die grondslag te vorm vir die opstel van 'n wetlike teks wat voorgelê moet word vir amptelike goedkeuring;
- om maklike verwysing na die sake in die voorgestelde terminologiebeleid te voorsien;
- om beter insig in die implikasies van die implementering van die terminologiebeleid te bied, ooreenkomstig sowel die optrede wat onderneem sal word as die hulpbronne wat benodig sal word.

Dit is van die uiterste belang dat die sterk en swak punte van die huidige terminologiese situasie in die land of taalgemeenskap duidelik uiteengesit word.

Die uitleg van hierdie dokument moet laastens ook spesiale aandag kry, aangesien dit bedoel is om 'n verwysingsdokument te wees vir administrateurs, besluitnemers en wetgewers, wat nie op die gebied van terminologie werk nie en wie se taak dit is om hierdie beleid goed te keur.

Dit is noodsaaklik om die geskikte tyd te kies om nuwe beleide aan die regering voor te lê vir goedkeuring en koördinerings met ander beleide aangesien tydsberekening beslissend is vir sukses.

#### **4.2.5 Besluit oor finale terminologiebeleidsdokumente en implementeringsplan**

Die amptelike goedkeuring van die finale terminologiebeleid kan op verskeie maniere plaasvind:

- deur die promulgasie of verordening van 'n wet (of ander soort regsbepalings):
  - met verwysing na die finale terminologiebeleidsdokument en implementeringsplan;
  - op grond van die finale terminologiebeleid (dokument en implementeringsplan);
- deur amptelike aanvaarding en 'n mandaat aan die implementeringsliggaam om met die implementering te begin;
- ander soorte amptelike goedkeuring, veral wanneer nieregeringsinstellings hulle terminologiebeleide opstel.

Dit is nie net belangrik dat hierdie dokument die amptelike goedkeuring van administrateurs, politici, wetgewers, besluitnemers (in NSO's en OSW's), die publiek en media wegdra nie. Dit moet definitief 'n werklike aksieplan wees en nie bloot 'n stuk papier nie. Die persone wat teken moet die beleid deurentyd ondersteun soos dit uitgevoer word.

### **4.3 FASE III – Implementering van die terminologiebeleid**

Die dokumente en voorstelle wat tot dusver voorberei is, moet in die meeste gevalle tydens FASE III in konkrete aksieplanne en ander operasionele beplanningdokumente omskep word om implementering te fasiliteer. Hierdie fase kan die volgende insluit:

- die algehele bestuur van die implementering;
- die operasionele en organisatoriese beplanning van die implementering;
- die beplanning van publisiteits- en bevorderingaktiwiteite.

Die proaktiewe betrokkenheid van administrateurs, politici, wetgewers, die media en van prominente figure in die gemeenskap is weereens beslissend vir die sukses van die werklike implementering van die terminologiebeleid.

#### **4.3.1 Bestuur van die implementering**

Na gelang van die grootte van die taalgemeenskap, die kompleksiteit van die situasie en die omvang van die terminologiebeleid, kan die implementering daarvan bestuur word deur:

- een of verskeie staatsorganisasies;
- 'n komitee of ander groepe mense;
- 'n bestaande instelling of organisasie waaraan die taak toevertrou is;
- 'n nuutgestigte instelling of organisasie.

'n Besluit oor watter liggaam, instelling, organisasie of ander soort struktuur die implementering van die terminologiebeleid gaan bestuur, is baie belangrik. Voordat so 'n besluit geneem kan word, moet die resultate van die ondersoek, assesserings en konsultasies in ag geneem word. Die kwaliteit van die agtergronddokumente en die aanvanklike ondersoek is hier van groot belang. Oorwegings wat verband hou met die werklike politieke situasie kan egter 'n impak op hierdie besluit hê. Daar moet in elk geval voorsiening gemaak word vir 'n alternatiewe ingeval die aangewese liggaam, instelling of organisasie nie na verwagting optree nie.

### **4.3.2 Operasionele en organisatoriese beplanning van die implementering**

Op grond van vroeëre ondersoeke en aanbevelings moet besluite geneem word wat betref:

- die vestiging van 'n koördineringsmeganisme;
- die formulering van 'n aksieplan en prosedures om dit uit te voer;
- die toedeling van menslike en finansiële hulpbronne;
- die implementering van 'n moniteringsmeganisme.

Dit is ook belangrik om duidelike opdragte en mylpale uiteen te sit en om resultate te bepaal wat sowel kwantifiseerbaar as indirek voordelig is.

Die implementering sal hoogs waarskynlik met 'n evaluerings- en assesseringsmeganisme gepaardgaan, wat genoeg tyd sal laat om verbeteringe en aanpassings aan die operasionele en organisatoriese beplanning van die implementering aan te bring.


### **4.3.3 Publisiteit en bevordering**

Tydens die implementeringsfase is publisiteit en bevordering baie belangrik om die sukses van die implementering te verseker. Die terminologiebeleid en die implementering daarvan sal uiteindelik misluk as die breë publiek 'n ongeërgde of selfs 'n vyandige houding jeens die beleid inneem. Dit kan van groot hulp wees om die onderwysstelsel deurentyd te betrek. Publisiteits- en bevorderingsaktiwiteite moet versigtig en sistematies beplan, uitgevoer en geassesseer word. Dit is nie net deurslaggewend om met die media saam te werk nie, maar ook om mediagebeure en -aktiwiteite versigtig te beplan om aan die behoeftes en verwagtinge van die plaaslike publiek te voldoen. Kommunikasie deur die media kan die vorm aanneem van radio-uitsendings (soos gemeenskapsradio), teatergroepe (bv. vir gesondheidsopvoeding, veral in landelike of minderbevoorregte areas), pamflette (bv. in hospitale), ens. Opvoeding en opleiding op alle ouderdomsvlakke is 'n uiters belangrike verspreidingskanaal.

## **4.4 FASE IV – Die Volhoubaarheid van die Terminologie-infrastruktuur**

Uiteindelik moet die terminologiebeleid – selfs tydens die implementering daarvan, wat 'n beduidende nasionale belegging verteenwoordig – die toekomstige volgehoue werking van die terminologie-infrastruktuur in ag neem. Daar moet voorsiening gemaak word vir meganismes wat die terminologiebeleid asook die infrastrukture by nuwe omstandighede kan laat aanpas. Veranderingsbestuur is een van die vernaamste vereistes vir die bestuurders van 'n terminologie-infrastruktuur.

Figuur 2 (onder) gee 'n opsomming van die fases. Hou in gedagte dat die fases en take nie altyd in 'n spesifieke volgorde plaasvind nie, maar dat dit kan oorvleuel en selfs gelyktydig kan plaasvind):



Figuur 2: Opsomming van die fase

### Opsomming

Die huidige Riglyne is gebaseer op die ondervinding van terminologiebeplanning en terminologiebeleide wat in baie lande op verskillende vlakke van ekonomiese ontwikkeling gerapporteer is. Die waarskynlikheid dat nasionale terminologiebeleide suksesvol sal wees, is hoër wanneer daar aan die volgende vereistes voldoen word:

- uitoefening van integrerende en koöperatiewe benaderings wat oop en pragmaties is;
- aktiewe ondersteuning van menslike hulpbronnestuur vir interne personeel, loopbaanbeplanning en e-Onderwys by die betrokke instellings en netwerke;
- implementering van Kennisbestuurskemas (skemas vir die verdeling van kennis) vir betrokke instellings en netwerke asook vir vennote wat binne die land en op internasionale vlak saamwerk;
- handhawing van 'n hegte verbintenis met tegnologiese innovering en kennisoordrag;
- versekering van 'n hoë mate van opvoeding en linguistiese kundigheid;
- ontwerp van 'n realistiese en volhoubare gebruiksmetode vir inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) en veral van mensliketaal tegnologiese (MTT);
- oorweging van metodes en beleide wat op navorsing gebaseer is;
- inprent van professionele bestuur, vertroue, motivering, gemeenskaplike visies en identiteite.

Die politieke, sosiale en ekonomiese situasie in 'n land, asook die grootte van 'n gegewe taalgemeenskap, sal byna ongetwyfeld verskillende benaderings tot die ontwikkeling van 'n terminologiebeleid voorskryf. Daar is egter 'n paar baie basiese oorwegings, ongeag hoe die bepaalde situasie daar uitsien:

**1) Belê in deeglike voorbereiding:** Soos uitgestippel in hierdie publikasie, vorm die voorbereidende studie en die dokumente wat daaruit voortvloei die basis vir alle daaropvolgende aktiwiteite met betrekking tot die terminologiebeleid. Hierdie dokumente dien as interne verwysingsdokumente en as basiese motiveringsdokumente vir verspreiding aan die publiek. Hoe uitvoeriger en omvatter die studies is, hoe groter sal die besparing van tyd en finansiële hulpbronne uiteindelik wees. Daar is ook implikasies vir die nasionale en internasionale werwing van ondersteuning vir die terminologiebeleid.

**2) Leer uit die ondervindings van ander lande:** Die geslaagde praktyke van terminologiebeleid-implementering moet natuurlik noukeurig bestudeer word. Die analisering van voorbeelde van mislukkinge en die assessering daarvan kan egter ook

baie nuttig wees vir die ontwerp, beplanning en implementering van 'n terminologiebeleid. Deur die bestudering van hierdie ondervindings uit die werklike lewe kan 'n mens die slaggate waarin ander lande reeds getrap het, verhoed en voordeel trek uit die beste praktyke.

**3) Die insluiting van belanghebbers:** Die formulering en implementering van 'n terminologiebeleid is 'n aktiwiteit wat die goedkeuring van 'n groot aantal persone en instellings benodig. Selfs wanneer 'n inisiatief deur 'n sleutelgroep belangstellende partye van stapel gestuur word, moet die sfeer van die betrokke partye uitkring en alle belangrike belanghebbers en besluitvormers insluit, en hulle behoort so vroeg moontlik by die proses betrokke te raak. Dit is belangrik om die motiveringskrag wat deur 'n breë gees van inklusiwiteit geskep word, te benut, en om negatiewe houdings te vermy wat kan voorkom indien belanghebbers voel dat hulle misgekyk, verontagsaam of uitgelaat word by die skepproses van 'n terminologiebeleid.

**4) Die implementering van koöperatiewe werksmetodes:** Die beste resultate, veral wat betref taal- en terminologieontwikkeling, word verkry wanneer linguïste, terminoloë en domeindeskundiges in komitees saamwerk, want hierdie uiteenlopende deskundiges het kenmerkend verskillende kennis- en ondervindingreservoirs wat hulle tot 'n komplekse taak kan bydra:

- domeinkennis (konseptuele kennis);
- linguïstiese kennis (generies en taalspesifiek);
- terminologiese kennis (werksmetodes wat die gaping tussen hierdie twee wêreldes oorbrug).

Nietemin behoort die prosedures en die bestuur van werksvloei onderskeidelik vir internetgebaseerde rekenaargesteelde koöperatiewe werk (RGKW) noukeurig ontwerp te word sodat dit effektief en doeltreffend kan word. Dit kan tyd vir implementering vereis.

**5) Begin so gou moontlik met die kapasiteitsbou:** 'n Terminologiebeleid is nie bedoel om 'n statiese plan te wees nie, maar 'n lewende en ontwikkelende instrument wat by 'n veranderende omgewing aangepas moet word. Weens die interdisciplinêre aard van terminologie en die toepassings daarvan, word goed opgeleide deskundiges benodig om dit te implementeer. Die opleiding van hierdie deskundiges moet so vroeg moontlik begin om gapings in die geslaagde implementering van die terminologiebeleid te vermy.

**6) Skep bewustheid in die hele taalgemeenskap:** Slegs as die terminologiebeleid aanvaar word deur en bekend is aan die wat veronderstel is om voordeel daaruit te trek, kan geslaagde implementering gewaarborg word.

## **BYLAE – Terme wat gebruik word in hierdie riglyne**

Sekere kernterme word hieronder verduidelik om die leesbaarheid van hierdie riglyne te verbeter. Raadpleeg asseblief die Internasionale Standaard ISO 1087:2000 vir gestandaardiseerde terme of die woordeskat van terminologiewerk en die bindende definisies daarvan.

**AT:** algemene taal

**Algemene taal (AT):** (sinonieme:) alledaagse taal; taal wat grootliks in 'n taalgemeenskap vir alledaagse doeleindes gebruik word

**Determinologisering:** linguistiese proses waardeur terme (wat konsepte in TT verteenwoordig) gebruik word as leksikale eenhede (bv. woorde) in die onderskeie AT  $\leftrightarrow$  terminologisering

**Domein:** (in hierdie dokument:) wetenskaplik-tegniese vakgebied of ander kundigheidsgebied

**Domeinkommunikasie:** (sinonieme:) gespesialiseerde kommunikasie; wetenskaplik-tegniese kommunikasie; professionele kommunikasie – NIE: tegniese kommunikasie; intermenslike kommunikasie binne 'n **domein**, wat in die pragmatiese sin wetenskaplik-tegniese vakgebiede sowel as ander kundigheidsgebiede insluit

**Kommunikasie:** (in hierdie dokument:) intermenslike kommunikasie in gesproke of geskrewe vorm of in die vorm van nie-verbale kommunikasie

**Kommunikasiebeplanning:** (in hierdie dokument:) beplanningsaktiwiteit wat verband hou met intermenslike kommunikasie, wat **taalbeplanning** en **terminologiebeplanning** insluit, of sodanige aktiwiteit wat op taal gefokus is in die enger sin en of dit in die breër sin organisatories, tegniese en infrastruktureel is

**Linguistiese norm:** 'n stel taalkonvensies wat as die gedeelde linguistiese standaard van 'n taalgemeenskap beskou word

LET WEL: Daar kan allerlei variante (soos dialekte) wees waarvan die konvensies van die linguistiese norm afwyk.

**Mensliketaaltegnologieë (MTT's):** tegnologieë wat taalkennis toepas op die ontwikkeling van rekenaarstelsels wat alle vorme van menslike taal kan herken, verstaan, interpreteer en genereer met die doel om toepassingsprogrammatuur te ontwikkel wat dit vir mense moontlik maak om direkte interaksie met rekenars te hê

**MTT's:** mensliketaaltegnologieë

**Nasionale terminologiebeleid:** 'n openbare strategie wat op die vlak van politieke besluitneming geformuleer is in 'n land of in 'n min of meer outonome taalgemeenskap (binne 'n land of streek wat oor die grense van twee of meer lande

strek) met die doel om bestaande en opkomende terminologieë vir 'n verskeidenheid vakgebiede te ontwikkel of reguleer

**Natuurlike taalprosessering (NTP):** navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteit wat programmatuur ontwerp en bou om die tale wat mense natuurlik gebruik te analiseer, verstaan en genereer

**NTP:** natuurlike taalprosessering

**TT:** tegniese taal

**Tegniese taal (TT):** (sinoniem:) gespesialiseerde taal; taal wat deur gemeenskappe van deskundiges gebruik word met 'n kleiner of groter aandeel in terminologie en domeinspesifieke taalkonvensies.

**Taalbeplanning:** (in hierdie dokument:) aktiwiteit wat taalontwikkeling hanteer en 'n verskeidenheid metodes en benaderings dek, insluitende terminologie en leksikografie, terminologiebestuur, vertaling en vertaalbestuur, en toenemend ook korpusgebaseerde benaderings (termekstrahering, korpusanalise om neologismes op te spoor wat in diskoersgemeenskappe geskep is, ens.)

LET WEL: Soos in ander gebiede wat met taal werk, neem die gebruik van **mensliketaaltegnologie (MTT)** ook in taalbeplanning toe.

**Taalontwerp:** vakgebied wat handel oor **natuurlike taalprosessering (NTP)**

**TBS:** terminologiebestuurstelsel

**Tegniese kommunikasie:** (sinonieme:) tegniese skryf; tegniese dokumentasie; (in hierdie dokument:) die voorbereiding van dokumente wat geskryf word in tegniese taal of wat grootliks tegniese taal bevat

**Terminologiebeplanning:** beplanningsaktiwiteit wat taal grootliks volgens die behoeftes en vereistes van **domeinkommunikasie** ontwikkel

**Terminologiebestuurstelsel (TBS):** programmatuur wat spesiaal ontwerp en gebou is om terminologiese data op 'n toegewyde manier te verwerk, of wat met ander soorte toepassingsprogrammatuur geïntegreer is

**Terminologiedatabasis (TDB):** databasis wat een- of veeltalige terminologiese data bevat, en wat op lands-, taalgemeenskaps- of plaaslike vlak gevestig word na gelang van die behoeftes van die onderskeie gemeenskappe



**Terminologiediens:** diens gebaseer op die gebruik van terminologiese beginsels, metodes, data of instrumente soos terminologienavorsing op aanvraag, terminologiekonsultering en -opleidingsdienste; terminologie-inligting en -dokumentasie; uitkontraktering van terminologiese take en inligtingsdienste, ens.

**Terminologieë:** stelle benamings wat gebruik word in gegewe TT's

**Terminologiemark:** mark wat verbruikers en verskaffers van terminologiese produkte en dienste behels

**Terminologieprodukt:** uitkoms van 'n terminologiese aktiwiteit in die vorm van 'n produk wat 'n konvensionele terminologiese publikasie (soos 'n terminologiestandaard, TT-woordeboek, woordelys, woordeskat ens.), 'n dataversameling in elektroniese vorm (bv. **terminologiedatabasis**) of 'n **terminologiese instrument** kan wees

**Terminologiese instrument:** programmatuur vir terminologietoepassing soos 'n **terminologiebestuurstelsel (TBS)** wat gebruik word om terminologiese data op een of ander wyse te hanteer

**Terminologiewetenskap:** vakgebied wat die struktuur, vorming, ontwikkeling, gebruik en bestuur van die **terminologieë** in verskeie vakgebiede ondersoek, en wat die metodologiese grondslag vir talle toepassings lê

**Terminologisering:** linguïstiese proses waarin leksikale eenhede (bv. woorde) van die AT begin gebruik word as terme (wat konsepte in die onderskeie TT's verteenwoordig)  $\leftrightarrow$  **determinologisering**.

**Verwysings (seleksie):**

- Antia, Bassey E. *Terminology and Language Planning: an alternative framework of discourse and practice*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins, 2000.
- Bamgbose, Ayo. *Language and the nation. The language question in sub-Saharan Africa*. Edinburg: Edinburgh University Press, 1991.
- Cobarrubias, Juan; Fishman, Joshua A. [reds.]. *Progress in Language Planning. International Perspectives*. Berlyn / New York: Mouton, 1983.
- Cooper, Robert L. *Language Planning and Social Change*. Cambridge: 1989.
- Departement Kuns en Kultuur van die Republiek van Suid-Afrika. *National Language Policy Framework. Final Draft*. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur, 2002.
- Gadellii, Karl Erland. *Language Planning: Theory and Practice. Evaluation of language planning cases world-wide*. Parys: UNESCO, 1999.
- Galinski, Christian; Budin, Gerhard; de V. Cluver, A.D. *Terminologieplanung und Sprachplanung*. In: Hoffmann, L.; Kalverkämper, H.; Wiegand, H. E. [reds.]. *Fachsprachen/Languages for Special Purposes. Ein internationales Handbuch zur Fachsprachenforschung und Terminologiewissenschaft*. Berlyn/New York: deGruyter, 1999.
- Laurén, Christer; Myking, Johan; Picht, Heribert. *Language and domains: a proposal for a domain dynamics taxonomy*. LSP and Professional Communication, vol. 2, 2002, p. 23-30. Frederiksberg: Danish Society for LSP and Professional Communication (DSFF) / LSP Centre, 2002.
- Montviloff, Victor. *National information policies. A handbook on the formulation, approval, implementation and operation of a national policy on information*. Parys: UNESCO (publikasie PGI-90/WS/11), 1990.
- Rubin, Joan; Jernudd, Björn [reds.]. *Can Language Be Planned? Sociolinguistic Theory and Practice for Developing Nations*. Hawaii: University Press of Hawaii, 1971.
- Sager, Juan C.; Nkwenti-Azeh, B. *Terminological problems involved in the process of exchange of new technology between developing and developed countries (Study on recent developments in the relationship between science, technology and society in different economic, social and cultural contexts)*. Parys: UNESCO-Dokument no. 59, 1989.
- UNESCO. "Recommendation on the promotion and use of multilingualism and universal access to Cyberspace" (32C/Resolusie 41). Parys: UNESCO, 2003.

Wright, Sue Ellen; Budin, Gerhard [reds.]. *Handbook of Terminology Management*.  
Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing, 1997 (vol. 1), 2001 (vol. 2).

**Toepaslike Internasionale Standaarde van die ISO** (Internasionale Organisasie vir Standaardisering):

ISO 639-1:2002 *Code for the representation of names of languages – Part 1: Alfa-2-kode* (ISO 639-1/RA – Registrasiegesag vir die instandhouding van die kode: Infoterm [http://linux.infoterm.org/infoterm-e/raiso639-1\\_start.htm](http://linux.infoterm.org/infoterm-e/raiso639-1_start.htm))

ISO 639-2:1998 *Code for the representation of names of languages - Part 2: Alfa-3-kode* (ISO 639-2/RA – Registrasiegesag vir die instandhouding van die kode: Amerikaanse Kongresbiblioteek <http://lcweb.loc.gov/standards/iso639-2/>)

ISO 704:2000 *Terminology work – Principles and methods*

ISO 860:1996 *Terminology work – Harmonization of concepts and terms* (word tans hersien)

ISO 1087-1:2000 *Terminology - Vocabulary - Part 1: General Concepts*

ISO 1087-2:2000 *Terminology work - Vocabulary - Part 2: Computer applications*

ISO 1951:1997 *Lexicographical symbols particularly for use in classified defining vocabularies* (word tans hersien)

ISO 10241:1992 *Preparation and layout of international terminology standards* (word tans hersien)

ISO 12199:2000(E) *Alphabetical ordering of multilingual terminological and lexicographical data represented in the Latin alphabet*

ISO 12200:1999 *Computer applications in terminology - Machine-readable terminology interchange format (MARTIF) - Negotiated interchange*

ISO 12616:2001 *Translation-oriented terminography*

ISO/TR 12618:1994 *Computer aids in terminology - Creation and use of terminological databases and text corpora* (word tans hersien)

ISO 12620:1999 *Computer applications in terminology - Data categories*

ISO 15188:2001 *Project management guidelines for terminology standardisation*

ISO 16642:2003 *Computer applications in terminology - Terminology Markup Framework (TMF)*

**Internasionale Standaard wat tans voorberei word:**

ISO/AWI 860 *Terminology work - Harmonization of concepts and terms* (Hersiening van ISO 860:1996)

ISO/WD 1951 *Presentation/Representation of entries in specialized dictionaries* (Hersiening van ISO1951:1997)

ISO/WD 10241 *International terminology standards - Preparation and layout* (Hersiening van ISO 10241:1992)

ISO 12615:2004 *Bibliographic references and source identifiers for terminology work*

ISO/PWI 12620-2 *Computer applications in terminology - Data Categories - Part 2: Terminological data categories* (Hersiening van ISO 12620:1999)

ISO/NP 21829 *Terminology of language resource management*

ISO/PWI 22128 *Quality assurance guidelines for terminology products*

ISO/AWI 22134 *Terminology in sociolinguistic application*

ISO/WD 24613 *Lexical Markup Framework (LMF)*